

# TYDSKRIF VIR LEITERKUNDE



JAARGANG I

NOMMER 4



Digitized by the Internet Archive  
in 2017 with funding from  
University of Pretoria, Library Services

# TYDSKRIF VIR LETTERKUNDE

Kwartaalblad van  
Die Afrikaanse Skrywerskring

Redakteur:  
**C. M. van den Heever**

Letterkundige Adviseurs:  
D. F. Malherbe, H. A. Fagan, P. C. Schoonees,  
F. J. Eybers en W. A. de Klerk

Administrasie:  
**Professor Abel Coetzee,**  
**Posbus 1176, Johannesburg**

Intekengeld: 15/- (posvry)  
Los Nommers in die handel: 5/- per eksemplaar



Jaargang 1

Desember 1951

Nommer 4

## INHOUD

Bls.

JAN VAN RIEBEECK EN DIE MANNE OM HOM,	
Anna de Villiers	5
GEDIG, W. van Heerden .....	14
STIJN STREUVELS GEHULDIGD, André Demedts .....	16
STIJN STREUVELS BIJ ZIJN TACHTIGSTEN VERJAARDAG, Antoon Coolen .....	25
GEDIGTE, A. J. J. Visser .....	32
DIE LIED VAN DIE BASOTHO, G. H. Franz .....	34
GEDICHT, Jos. de Haas .....	39
ANDRÉ GIDE, Marius Valkhoff .....	41
DES BATES . . . LOODS, P. D. Swart .....	46
GERHART HAUPTMAN, M. R. Breyne .....	56
EWEWIGTIGE KOMPOSISIE OF VERWRINGING?	
W. H. Coetzer	63
OORSIG VAN DIE AFRIKAANSE POËSIE (1950-1951),	
S. C. Hattingh	68
„MODERNISME” IN ONS LETTERKUNDE, F. J. Eybers .....	77
BOEKELYNS SEPTEMBER-NOVEMBER, P. J. Nienaber .....	84

### AFDRUKKE:

Stijn Streuvels.

W. H. Coetzer by Mont-aux-Sources.

W. H. Coetzer: Seunskop in Olieverf (Patcha van den Heever).

W. H. Coetzer: Kerk, Paarl.



# *Jan van Riebeeck en die Manne om hom*

deur Anna de Villiers

Die meeste mense weet weinig van die stigter van die *Fortresse de Goede Hoop* wat betref sy verhouding tot die amptenare van die Oos-Indiese Kompanjie wat onmiddellik onder hom gestaan het en wat die nouste met hom geassosieer was. Dis te verstaan dat hy bekwame en lojale helpers sal gehad het, anders kon dit met die stigting verkeerd geloop het. Om hierdie verhouding te verstaan is dit noodsaaklik om die soeklig op sy persoonlikheid te laat val veral omdat sekere historici hom heeltemal verkeerd voorgestel het.

Jan van Riebeeck is gebore te Culemborg in 1618; hy was dus in sy vyf-en-dertigste jaar toe hy die volksplanting aan die Cabo de Bona Esperanca begin het. Sy vrou, Maria de la Quellerie, dogter van 'n Waalse predikant, wat haar in haar eerste lewensjaar ontval het, was elf jaar jonger, en van die twee kinders wat aan hulle in Holland gebore is, was slegs Lambertus in lewe, en een jaar oud. Van Riebeeck se vader is reeds in 1639 in Pernambuco, Brasilië, oorlede, terwyl hy sy moeder ook vroeg verloor het. Hy het slegs een suster gehad, Geertruid wat met Pieter van der Stoel getroud is, en in 1656 met haar man na die Kaap gekom het, waar hy Willem Barendz Wylant as sieketrooster opgevolg het.

Voordat Van Riebeeck op die *Dromedaris* seil gegaan het, het die Here Sewentien skipper David de Coninck van

daardie skip aangewys as sy plaasvervanger ingeval een of ander ongeval hom sou tref. Van Riebeeck het die rang van opperkoopman gevoer en daar was geen persoon wat selfs die rang van koopman of onderkoopman gevoer het onder sy manne nie. Hy het 'n boekhouer, Pieter van der Helm gehad en dan was daar Roelof de Man wat 'n gewone klerk in sy kantoor was. Die enigste ander persoon van aansien was die skipper van die *Reiger* Jan Jansen Hooghsaat en dié van die *Goede Hoop* Simon Turver.

Op die Dromedaris was ook aanwesig Hendrik Boom, 'n opgeleide tuinier met sy vrou Annetje en hulle vyf kinders. Die ander getroude amptenare was die oppersjirurg wie se naam nooit in die Dagverhaal genoem word nie, en wie se vrou binne die eerste drie maande aan 'n ongenoemde siekte sterf, terwyl haar man en oudste dogter ook siek lê. Verder was daar die sieketrooster Willem Barendz Wylant wat op 4 Julie 1652 die eerste woonhuis binne die onvoltooide fort betrek, en twee dae later skenk sy vrou geboorte aan die eerste blanke wat aan die Kaap gebore is. Benewens die Van Riebeecks was daar aanvanklik slegs drie getroude amptenare in die fort, en hulle was persone wat vanweë hul ampte 'n sekere aansien gehad het.

Jan van Riebeeck het self aan 'n aansienlike ou regente-familie behoort en sy grootvader was een van die burgemeesters van Culemborg. Hy is opgelei as sjirurg of arts en het aanvanklik in hierdie hoedanigheid in diens by die Oos-Indiese Kompanjie getree. Toe hy as stigter van die volksplanting aan Tafelbaai benoem is, was hy reeds 'n man van ervaring wat in verskillende hoedanighede en op 'n hele aantal plekke in die Ooste diens gedoen het; klerk in Batavia, sekretaris van die ambassade op Atjek, onderkoopman in Tonkin (Sjina) en handelaar in sy en speserye in Japan, later as waarnemende opperhoof terug na Tonkin waar hy later koopman en sekunde of tweede persoon word. Op hierdie stadium word hy aangekla vanweë partikuliere handel en na Batavia ontbied.

Sy diens word beëindig en hy keer na Nederland terug. In Maart 1648 bereik sy skip Tafelbaai, waar dit 'n paar weke vertoef sodat die bemanning die berging van die goedere van die gestrande skip *Haarlem* kan onderneem.

In hierdie tyd het Van Riebeeck tyd om eerstehandse kennis oor die ligging, geaardheid en omgewing van Tafelbaai op te doen, en waarskynlik het hy ook met Janzen en Proot van die *Haarlem* gesels wat 'n *Remonstrantie* opgestel het waarin hulle 'n uiteensetting gee „aangaande een rendevous te begrijpen aan Cabo de Bona Esperance” — Kortlik kom die voorstel daarop neer: 'n fort met 'n tuin is nodig. Vee is goedkoop. Kompanjieskepe kan daar verversinge inneem en hul siekes daar laat herstel. Traankokery, robbevangs en walvisvangs word in die vooruitsig gestel — dus net iets vir 'n man met ondernemingsgees en daaddrif.

Onderwyl die Here Sewentien besluite neem oor die „rendevous en sterkte” aan die Kaap, is Jan van Riebeeck getroud, en kort daarna onderneem hy 'n reis na Groenland. Hy keer na Holland terug in 1650. Ná die geboorte van sy eerste seuntjie, gaan hy weereens op reis, dié keer na die Wes-Indiese Eilande, waarskynlik om 'n baan te soek. Die reise duur nie lank nie, en wanneer hy in 1651 sy diens nogmaals aan die Oos-Indiese Kompanjie aanbied, lê hulle die *Remonstrantie* van Janszen en Proot aan hom voor en vra hom om daarop kommentaar te lewer. Die insidente insake die partikuliere handel was dus reeds vergeet, en Van Riebeeck antwoord met sy *Vertoogh* waarin hy sy mening glashelder en saaklik uiteensit. Die dokument dra 'n besliste toon en getuig nie alleen van 'n individuele kyk op sake nie, maar ook van die ervaring en vergelykingsvermoë wat hy in sy veelsydige loopbaan ryker geword het. Daar is egter geen sweem van kennisvertoon nie: hy gee die opstellers van die *Remonstrantie* in sekere voorstelle gelyk, terwyl hy in ander van hulle verskil en wenke gee wat tot groter voordeel vir die Kompanjie sal lei. Die Here Sewentien het stellig onder die indruk van hierdie heldere betoog gekom, want die volgende wat ons hoor is dat hulle Van Riebeeck tot hoof van die onderneming benoem.

Van die begin af herken ons in Jan van Riebeeck die man van die daad, vol selfvertroue, bekwaam en ywerig in sy strewe om sy opdragte na die beste van sy vermoë uit te voer, altyd gedagtgig aan die beste wyse om die belang van die Kompanjie te bevorder; van die begin af het hy

met moeilikhede te kampe: wanneer die fort afgesteek is en die houtloodse aan land opgerig moet word tot beskerming van die manskappe, blyk dit dat die boumateriaal heeltemal onder in die *Dromedaris* gelaai is. Dit beteken dat alles uitgelaai moet word om by die planke te kom, selfs die voedselvoorraad, en by gebrek aan bergplek, lê die brood en vleis 'n tydlank buite in die veld, slegs gedek deur 'n paar seile of planke.

Ook die Hottentotte lewer van die begin af bewys van onbetroubaarheid en heel vroeg is daar al 'n struweling tussen die eerste groep Saldanhas en die volgelinge van die Strandloper Herrie wat digby die terrein van die fort verblyf hou.

Presies 'n week na die landing van Van Riebeeck, kom die eerste skip in die baai, die *Salamander* uit Batavia. Op die skip is daar drie verstekelinge wat gedurende die reis ontdek is, en een van hulle is Fredrik Verburgh, een van die bekwaamste en ondernemendste persone wat Van Riebeeck om hom sou hê. Verburgh beweer dat hy uit Batavia gevlug het omdat hy nêrens as aan Cabo de bona Esperance wil wees nie. Van Riebeeck het waarskynlik by die eerste aanblik 'n besef van die inherente manlikheid en opregtheid van hierdie jongman gekry, want hy het van die begin af belangrike ondernemings aan hom opgedra en nooit het hy hom in Fredrik Verburgh misreken nie. Hy was gereed om die jongman 'n kans te gee om te toon waartoe hy in staat was en hy het goed geoordeel.

Fredrik Verburgh is stellig die aktiefste van die amptenare en daar hang ook 'n sekere sfeer van romantiek oor hom wat die ander mis. Uit die wyse waarop hy die opdragte van die Kommandeur volbring het, blyk dat hy 'n besonder intelligente en wakker jongman was. Hy was goed opgevoed en het 'n goeie kennis van Frans gehad, sodat die Kommandeur hom kon gebruik om met die kaptein van 'n Franse skip in Saldanhabaai te onderhandel en met hom brieve aan die Here Sewentien mee te gee; ook om lede van die bemanning te oorreed om by die Kompanjie in diens te tree sodat hulle die Hollanders die geheime van die robbevangs en die kuns van die bewerking van robbevelle kon leer. Die verslae wat Verburgh van sy

togte opgestel het en sy briewe aan die Kommandeur, soos hulle in die *Daghverhaal* opgeneem is, getuig van 'n kragtige persoonlikheid, 'n helder verstand en 'n logiese denker. Verburgh se loopbaan was dan ook opvallend. Aanvanklik word hy dikwels uitgestuur om die gebied te verken, maar veral om vee van die Hottentotte te ruil. Weens sy geslaagde pogings in hierdie verband word hy na Saldanhabaai gestuur met die spesifieke opdrag dat niemand anders as hy handelstransaksies met die Hottentotte moet aanknoop nie. Hy was dan ook die eerste wat die Hottentottaal tot so 'n mate beheers het dat hy met hierdie saak vertrou kon word. Wanneer die volksplanting met hongersnood bedreig word, stuur die Kommandeur hom na Madagaskar om rys te gaan haal. Wanneer hy terugkeer het hy nie alleen rys gebring nie, maar hy het sulke uitstekende betrekkinge met die Koning van Antongil aangeknoop dat laasgenoemde 'n klein slavin aan die vrou van die Kommandeur ter geskenk meestuur. Hieruit en ook uit ander sake blyk dat Verburgh 'n groot verering vir Maria van Riebeeck gehad het, want daarsonder sou die Koning miskien nie daaraan gedink het om die Kommandeursvrou op hierdie wyse te vereer nie.

Frederik Verburgh se loopbaan is des te opvallender vanweë die tragiese verloop wat dit gehad het. Na die vertrek van die eerste sekunde Jacob Reinierz, word Verburgh na Sint Helena gestuur om voedsel van die retoervloot te haal, wat die Kaap verbygeseil het. Kommissaris Ryklof van Goens is in bevel, en op Verburgh se versoek en aanbeveling van Van Riebeeck word aan hom die rang van onderkoopman en sekunde aan die Kaap toegestaan.

Op 'n keer wanneer Verburgh per skip na Saldanha gestuur is om die veeruil daar voort te sit, verneem hy dat daar 'n paar skepe uit Nederland in Tafelbaai aangekom het. Met een van die skepe wat agter hom aangestuur is om pikewynvleis te kom haal, gaan hy self terug. Wanneer hy in Tafelbaai aankom, verneem hy dat daar twee skepe lê op elk waarvan daar 'n predikant is wat 'n suster by hom het. Die een dame het op die seereis aan 'n onderkoopman verloof geraak en word binne die fort deur haar broer in die huwelik bevestig. Verburgh was

ook nie links nie en vier dae na sy aankoms word hy deur dieselfde predikant in die huwelik bevestig met Meynsgen van Campen, die suster van die ander predikant. Die *Daghverhaal* noem alleen die feite en 'n mens vra jou af waarom ds. Campius nie self sy suster in die huwelik bevestig het nie. Kon dit wees dat hy die egverbintenis teëgestaan het vanweé die heel kort kennismaking van bruid en bruidegom? Aan die ander kant was die tweede persoon aan die Fort de Goede Hoop tog seker 'n geskikte persoon om na die hand van sy suster te ding!

Vier maande later vertrek Fredrik Verburgh op sy tweede reis na Madagaskar en Mauritius, hierdie keer om die kwessie van 'n handelsverbintenis met hierdie streke te ondersoek, en ook om rys terug te bring. Hy het nooit weer teruggekeer nie. Die *Tulp*, sy skip, het by Madagaskar vergaan nadat hy reeds 'n voorraad rys en veertien slawe gekoop het. Hy en die bemanning het uitgekom en die goedere uit die skip gered en geberg. 'n Bevriende vors het hom na sy land laat haal en hom daar huisies gegee om te oorwinter. Ongelukkig was dit in die ongesonde seisoen en het Verburgh en die meeste van sy manne daar aan die koers omgekom. Dit was begin 1656. Later in hierdie jaar het Van Riebeeck die skip '*t Nachtglas* gestuur om Verburgh te gaan soek. In April 1657, 'n jaar en tien maande na sy vertrek, kom die Franse admiraal De la Roche Saint André in Tafelbaai aan met vier van die oorlewendes van die *Tulp*. In die tussentyd het Verburgh se vrou die lewe geskenk aan die eerste blanke meisie wat aan die Kaap gebore is; die kind is egter na 'n week oorlede. Meyntjie Verburgh moet egter goed agtergelaat gewees het, want sewe jaar later kom haar naam nog op die monsterrol voor. Sy het nie hertrou nie en het in daardie tyd vier slawe besit. 'n Mens voel dat die Van Riebeecks haar baie goedgesind moes gewees het, anders sou sy nooit aan die Kaap gebly het nie.

'n Ander jongman wat voortreflike eienskappe moet gehad het, was die eerste sekunde, Jacob Reiniersz. Hy het in 1653 die Kaap aangedoen, op weg na Indië. Hy het die rang van onderkoopman gevoer en moet 'n indruk op Van Riebeeck gemaak het, want laasgenoemde het aan die

Breë Raad van die koopvaardyvloot wat toe in Tafelbaai gelê het die noodsaklikheid voorgedra dat daar iemand moes wees wat vir hom kon waarneem ingeval hy êrens heen moes gaan of siek sou word, of iets dergeliks. Die versoek is gebillik en Reiniersz is as sekunde aan die Kaap gehou. 'n Paar maande later is hy in die huwelik bevestig met die „eerbare jongedogter Elizabeth van Opdorp,” niggie en ondervoogdy van die Kommandeur. Reiniersz het egter nie lank hier gebly nie, want 'n paar weke na sy huwelik kom daar 'n skip *de Vrede* in die baai. Toe die mense aan land kom, blyk dit dat daar allerlei krakeel tussen die offisiere, passasiers en die skipper is en dat laasgenoemde nie sy gesag behoorlik kan handhaaf nie; hy sou hom aan dronkenskap skuldig gemaak het gedurende sy dienstyd en nog meer. Jacob Reiniersz word gelas om na die skip te gaan en ondersoek in te stel, maar alles is so ingewikkeld dat die Kommandeur eindelik verplig is om self te gaan. Dit blyk dat daar soveel moeilikheid is dat dit gevaaarlik is om die skip met dieselfde offisiere te laat uitvaar. Dit blyk dat die aanklagte teen die skipper ongegrond is, maar om muiterij te voorkom, word besluit om sekere van die offisiere buite hul bediening te laat reis en om Jacob Reiniersz met die rang van koopman mee te stuur en om sodoende die gesag van die skipper te versterk. Hy het sy vrou saamgeneem en hulle het nooit weer na die Kaap teruggekeer nie.

Willem Barendz Wylant, die eerste sieketrooster, het nie lank aan die Kaap vertoeft nie. In die tyd dat hy hier was het hy hom egter verdienstelik gemaak deur die bekwame wyse waarop hy die veeruil aangeleer en beoefen het. Nadat Verburgh sekunde geword het, het hy dit te druk gehad om dikwels na die Hottentotte te kon gaan om vee te ruil. Dit is in hierdie tyd dat Wylant aktief op hierdie gebied geword het. Hy het tot 1656 hier gebly en is toe opgevolg deur Pieter van der Stael, swaer van die Kommandeur.

Die verhouding tussen die Van der Staels en die Kommandeursgesin moet baie hartlik gewees het, want toe Van Riebeeck in 1663 na Malakka gestuur is, het sy swaer die Here Sewentien versoek om hom daarheen te

stuur, en dit het nie lank geduur nie of die Van der Staels was ook daar.

Pieter van der Stael het die instruksies van die Kompanjie letterlik nagekom, en kort na sy aankoms het hy die eerste skool van die volksplanting en wel vir slawe, geopen. Hy het die slawe die Hollandse taal geleer en hulle in die beginsels van die Christendom onderrig; tot meerder aanmoediging is aan elke slaaf elke middag na skool 'n mutsie wyn gegee.

'n Ander jongman wat sy spore aan die Kaap verdien het en ná Verburgh sekunde geword het, was Roelof de Man, ook van Culemborg. Die aanwesigheid van hierdie jongman en die Van der Staels het die Culemborggroep aan die Kaap versterk, en dit is verder aangevul deur Cornelis de Cretser en Carel en Jacob van Opdorp, broers van die meisies Van Opdorp. De Man was aanvanklik klerk in die sekretarie, maar reeds in Verburgh se tyd het hy sekretaris van die Raad van die Fort geword, en hy het verskeie kere vir die Kommandeur waargeneem wanneer laasgenoemde op 'n tog uitgegaan het. 'n Mens voel dat hy Van Riebeeck 'n innige geneentheid toegedra het en besonder lojaal en partydig vir hom was. Ons weet dat hy 'n kort gesette jongman was, maar dat dit hom nie verhinder het om 'n aansienlike boedel na te laat toe hy in 1663 oorlede is nie.

'n Man wat die Kommandeur 'n groot agting toegedra het, was Hendrik Boom, die baastuinier van die fort. Daar is vir hom reeds in die tweede jaar 'n steenhuis buite die fort gebou. Hy was uitstekend opgelei vir sy vak en het veel sukses met sy tuinbou gehad, sodat daar heel spoedig, ondanks allerlei teëspoed genoeg groente was om alle skepe benewens die hele volksplanting in al hul benodighede te voorsien. Hy het reeds in 1657 vryburger geword, en as sodanig verskeie male die vryburgers in die Politieke Raad verteenwoordig. Hoewel hy nie skryfkundig was nie, moet hy 'n waardige persoon gewees het wat die ontsag van ander afgedwing het. Uit die kommentaar in die *Daghverhaal* moet hy en sy vrou hoog by die Kommandeur aangeskrewe gestaan het, want in 1656 doen Annetjie Boom, of liever Annetje de Boerin soos sy algemeen bekend gestaan het, aansoek om die koeie van die Kom-

panjie vir 100 gulde per jaar in pag te mag neem en dan die melk teen 'n vasgestelde prys aan die Kompanjie te lewer. Haar gesin het in vier jaar van vyf tot agt vermeerder en sy kon nie op haar man se gasie alleen bestaan nie. So word Annetje de Boerin die eerste vryburger aan die Kaap, byna 'n jaar voordat enige van die mans vrybriewe ontvang.

Die Booms het nog allerlei wederwaardighede belewe. Nadat Hendrik vryburger geword het, het hulle in die buurt van die Kommandeur se plaas, Bosheuwel (tans Bishop's Court) gewoon. Hier het hulle huis eenkeer afgebrand, hulle slawe het weggeloop en gedurende die Hottentotoorlog moes Annetje en haar kinders eenkeer by die redout Koornhoop veiligheid gaan soek. Hulle het desondanks vooruit geboer, en 'n aansienlike bedrag met hulle meegeneem toe hulle met kinders en al na Holland teruggekeer het. Dit is jammer dat ons vandag die nasate van hierdie hardwerkende mense in ons volksgeledere moet mis.

Van die eerste amptenare is daar dus geen nakomelinge nie, wel van die vryburgers, maar oor hulle hoop ek om later iets te vertel.

# *W. van Heerden*

## *Eskarpement, Oos-Transvaal*

Aan 'n gelyke wyde,  
waar wit-bont koeie rustig loop  
en wei aan soetgras tussen heide,  
val skielik oop  
die afgrond en die vergesig.

Op die abrupte rant,  
Waar groen gras eindig en grys krans begin,  
brand  
aalwynblomme vuurrooi en vlamvormig.

Diep winde vloei vanuit die ruimte in,  
a-septies, bo die oseaan  
gewas deur reent, gesuiwer deur die son.

\* \* \*

In klowe, varing-klam en ruig,  
groot weggesplete uit die wand,  
waar water loodreg tussen rotse val,  
het laeveld se lang  
stilglinsterende strome  
hulle bron.

En waar die daling minder steil word, staan  
die eerste van die aangeplante bome;  
swartgroen patronne ver gestrek  
oor rand  
en dal  
tot waar die den- en bloekom-woude meng  
met bosveld en die ylblou verte self.

\* \* \*

Met die verstand  
is ruimte tasbaar soos die vlug  
van die vergulde arend, soos die gang  
van somerwolke oor die land.

Die ruimte is tot aan die ent  
van hierdie wye landskap heen verleng  
om uit die horison teruggebuig  
te word langs lug  
se matelose blou gewelf.

\* \* \*

Hier is die element  
van vryheid, waar die hart dalk weer verwek  
sal word om te getuig  
in nuwe, sober sang.

# *Stijn Streuvels Gehuldigd*

*door André Demedts*

Te Ingooigem, in het Zuid-Oosten van West-Vlaanderen, staat op een lage heuvel, achter boomen en struiken verborgen, een wit landhuis, met een rood pannendak, dat „Het Lijsternest” heet. Daar woont Stijn Streuvels, de grootste onder de levende Vlaamse prozaschrijvers. Tijdens het voorbije najaar is hij tachtig jaar geworden; maar naar geest en lichaam lijkt hij een zestiger, nog in de volle kracht van zijn leven en zijn scheppende vermogen.

Gedurende de laatste maanden werd hij, ter gelegenheid van die tachtigste verjaardag, in tientallen plaatsen gehuldigd. De voornaamste vieringen grepen te Brussel en te Brugge plaats. Op 7 October werd hij in het monumentale stadhuis te Brussel door de Vereniging van Vlaamse letterkundigen gevierd met lezingen, die door Herman Teirlinck, Prof. A. Westerlinck, Anton van Duinkerken en Prof. J. Muls werden gehouden. Op 25 November kwam Brugge aan de beurt met een officiële huldiging, die werd ingericht door het provinciale bestuur van West-Vlaanderen, de provincie waar Streuvels geboren werd en sedertdien onafgebroken heeft gewoond. Het merkwaardige van die viering was dat zij als een hulde van alle Dietse Landen aan de grootmeester van het Vlaamse proza werd opgevat. Prof. C. M. van den Heever, opzettelijk uit Johannesburg naar Vlaanderen gekomen, las boodschappen voor van de Zuid-Afrikaanse Minister van Onderwijs en van de Suid-Afrikaanse Akademie vir Kuns en Wetenskap, waarna hij in het Afrikaans een belangrijke toespraak hield, die door een talrijk en uitgelezen publiek aandachtig werd beluist-



STIJN STREUVELS



terd. Prof. van den Heever werd bij het begin en het slot van zijn rede eerbiedig en geestdriftig toegejuicht. Zijn optreden heeft in Vlaanderen een gevoel van diepe erkentelijkheid verwekt en zal er ongetwijfeld grotelijks toe bijdragen om de sympathie, die hier voor Zuid-Afrika zeer levendig is, nog te versterken. Verder werd op de hulde te Brugge het woord gevoerd door Prof. P. Berteloot namens Frans-Vlaanderen, Antoon Coolen namens Nederland en Prof. F. Baur namens Vlaanderen.

De familie van Streuvels, die bij zijn echte naam Lateur heet, is afkomstig van Moregem bij Oudenaarde, waar zijn grootvader bakker was. Zijn vader, Camiel Lateur, was kleermaker van beroep en woonde de eerste jaren na zijn huwelijk te Heule, waar zijn zoon Frank, de latere Stijn Streuvels, op 3 October 1871 geboren werd. De moeder van de schrijver was Louisa Gezelle, de jongste zuster van onze grote priester-dichter Guido Gezelle.

De jeugd van de jonge Frank Lateur ging op het toen nog landelijke Heule zonder diep ingrijpende gebeurtenissen voorbij. Hij haalde rakkerstreken uit, leerde de wereld kennen, waarin de natuur een even grote rol als de mensen speelde, en werd soms vervuld door een drang naar dromerij en inkeer, die later de bezielende kracht van zijn kunstenaarschap zou worden.

Na zijn eerste communie, werd hij op twaalfjarige leeftijd naar het college te Avelgem gezonden. Hij was een flinke leerling en behaalde mooie uitslagen, maar kon zich moeilijk aan de benepen schooltucht en weleens enggeestige opvoedingsmethodes wennen.

Veertien jaar oud bleef hij thuis van school om te leren bakken, eerst te Avelgem zelf, dan te Kortrijk en ten slotte nog enige tijd te Brugge. Zijn ouders namen te Avelgem een bakkerij over en gingen zich daar vestigen met hun gezin. Het zou nog jaren duren voor de schrijver in Frank ontwaakte. Over zijn jeugdjaren te Avelgem heeft hij zelf geschreven, dat hij volledig met het dorpsleven vergroeid was en voor muziek en toneel veel belangstelling had. Weldra werd hij ook een verwoed lezer, die bij zichzelf verschillende talen leerde, om de grote Franse,

Duitse, Engelse, Noorse en zelfs Russische schrijvers, in de oorspronkelijke tekst te kunnen benaderen.

Op zekere dag, toen hij meer dan twintig jaar was, is Frank Lateur begonnen te schrijven. In zijn boek „Avelgem” heeft hij daarover het volgende verteld: „Gelijk ieder beginneling, heb ik aangevangen met verzen maken, want toen had ik reeds boeken gelezen (uit nieuwsgierigheid) over prosodie en versificatie, klemtoon, voeten, maten, rijmen, rhythmiek en de rest. Het waren lichte natuurtafereeltjes, nabootsing van Gezelle, waar ik geen verder belang aan hechtte. Ik voelde ten andere mijn dichtader gauw leeglopen en meer goesting om te beschrijven en te vertellen. En in dat vak lagen de geschikte onderwerpen voor 't grijpen. Het was ineens als een openbaring bij mij opgekomen: dat ik het ook kon!”

In 1894 schreef „De jonge Vlaming,” een tijdschrift waarvan de betekenis overigens niet groot is geweest, een prijsvraag uit, waaraan Lateur, nog onder zijn eigen naam deelnam met een kerstverhaal, dat „Herbeginnen” was getiteld. Hij zelf verklaart dat het naar de trant van Dickens was opgevat. In 1895 werkte hij mede aan „Vlaamsch en Vrij” met „Allerzielen” en verschillende schetsen, die getuigden van zijn fris en sterk talent. Hij ondertekende ze met zijn pas gevonden schuilnaam Stijn Streuvels. „Naam,” verzekert de schrijver, „die toen voor me-zelf nog vreemd aandeed; gekozen bedoeling van betekenis; enkel om in mijn omgeving onbekend te blijven.”

Streuvels werkte onverdroten verder; zijn vriendenkring breidde zich uit; zijn bijdragen in „Vlaamsch en Vrij” werden door de redacteurs van het grootste Vlaamse tijdschrift „Van Nu en Straks” opgemerkt, met het gevolg dat zij hem om medewerking aan hun blad verzochten. Dat was vanwege de leiders van het letterkundige leven op dat ogenblik de officiële erkenning van zijn kunnen. Streuvels heeft op zijn eigen manier verhaald hoe hij een brief van Karel van de Woestijne ontving, die de aanleiding werd tot het inzenden van zijn eerste bijdragen: „Op een schoonen morgen in de Meie, den 15en van 't jaar 1896, is het wonder gebeurd. Ik stond buiten tegen het muurtje geleund te kijken of de brievenbesteller niet opdaagde, van

wie ik bestendig de mogelijkheid verwachtte de boodschap uit het onbekende te zullen krijgen. Ik had een voorgevoel. Inderdaad: boodje stapte recht op mij af en haalde met een bezorgd gebaar een brief uit zijn lederen tasch. Maar was het wel een brief? dat precieuze, langwerpig ding, roze omslag op een veld van bleekroode fransche leletjes en het adres als met een naald door kinderhand geschreven."

De eerste schets van zijn hand, die in „Van Nu en Straks” verscheen, was „Een Ongeluk”; in de volgende jaargangen werkte hij nog herhaalde keren mede. Ondertussen was Stijn Streuvels een goede vriend geworden van Pastoor Hugo Verriest te Ingooigem en een trouw medewerker aan diens weekblad „De Nieuwe Tijd.” Ook stond hij regelmatig bijdragen af aan „Bienkorf,” het maandschrift voor West-Vlaamse kunst, taal- en oudheidkunde, dat door zijn oom Guido Gezelle was gesticht.

Het is wel belangwekkend na te gaan welke invloed deze laatste op de jonge prozaschrijver heeft uitgeoefend. In zijn herinneringen verhaalt Streuvels, dat Gezelle zelden of nooit met hem over kunst gesproken heeft. Wel waarschuwde hij hem voor het gevaar, dat aan een vriendschappelijke omgang met de anarchistische redacteurs van „Van Nu en Straks” verbonden was en op zekere dag gaf hij hem deze wijze raad: „Schoonheid moet ge niet hier of daar of ginder gaan zoeken, zoek ze in u zelf, dáár alleen is ze te vinden.”

Gedurende deze jaren schreef Streuvels enkele van zijn schoonste verhalen, als de geschiedenis van Horieneke’s plechtige communie en zijn lange novelle „De Oogst.” Zijn eerste boek, een bundel verhalen „Lenteleven” geheten, verscheen in 1899. Het maakte opgang. De reacties waren tweeeérlei: enerzijds onbeperkte lofspraak en dwaze, onbegrijpelijke afkeuring van de andere kant. Streuvels liet zich gelukkig door geen vitterijen beïnvloeden en schreef verder in een soort roes de verschillende schetsen, korte verhalen en novellen, die achteraf in zijn eerste bundels verzameld werden. Zijn faam en zijn werk waren ondertussen ook tot Nederland doorgedrongen, waar hij aan „De Gids,” „De Nieuwe Gids” en „Het Tweemaandelijksch Tijdschrift” medewerkte.

Vlug na elkaar verschenen nu „Zomerland,” „Zonnetij” en „Doodendans.” In 1902 gaf Streuvels „Langs de Wegen” uit, zijn eerste roman, met de ontroerende geschiedenis van de boerenknecht Jan Vindeveughel, en alles wel ingezien één van de schoonste, om zijn gesloten bouw en opmerkelijke psychologie, die hij heeft geschreven. Daarop volgden „Dagen,” de uitgebreide roman „Minnehandel,” waarin de overdadige locale kleur de epische gaafheid van het werk benadeelt, „Dorpsgeheimen,” „Open Lucht,” „Stille Avonden” en „Het Uitzicht der Dingen,” benevens kleinere uitgaven als „Grootmoederken” en „Duimpjesbundel.”

Sommige verhalen uit deze bundels, als „Lente,” „In 't Water” en „Een Speeldag” behoren tot het allerbeste dat Streuvels ons geschonken heeft en zijn, in de moderne wereldletterkunde beschouwd, hoogtepunten van landelijke novellistiek.

Toen hij als schrijver naam verworven had, besloot Streuvels zijn bakkerij over te laten. Hij kocht te Ingooigem, op de top van een heuvel, een stuk grond en liet er een landhuis bouwen, dat hij „Het Lijsternest” heette. Hij ging het bewonen, huwde en is er sedertdien gebleven, zijn tijd verdelen over studie en lectuur, werk in de tuin en schrijven. Ook ondernam hij verschillende grote reizen door Europa en het Nabije Oosten.

De eerste vrucht van zijn nieuwe levensstaat is de uitgebreide roman „De Vlaschaard” geweest, volgens velen zijn meesterstuk, een boek dat zeker niet ter ontspanning kan aanbevolen worden en niettemin op tweehonderd duizend exemplaren werd verspreid. Nog vóór de eerste wereldoorlog verschenen verder: „Najaar,” „Het glorierijke Licht,” „Morgenstond” en „Een beroerde Maandag.” Een bijzondere vermelding verdienen „Het Kerstekind” en „De Werkman.” Streuvels begon ondertussen ook voor andere onderwerpen belangstelling te betonen. Zo schreef hij een boek over „Tieghem, het Vlaamsche Lustoord,” een ander over „De landelijke Woning in Vlaanderen” en een eerste proeve van herinneringen uit zijn verleden met „Hoe men Schrijver wordt.”

Toen brak in 1914 de oorlog uit. Een boek dat vroeger

afgewerkt was, het lange verhaal „Dorpslucht,” werd in 1914 in Holland uitgegeven. Het is dit verhaal dat Streuvels, herwerkt, bekort en verbeterd, in 1948, onder de titel „Beroering over het Dorp” heeft laten verschijnen. Daarop leek de scheppende kracht van de schrijver volledig ingesluimerd. Zolang de oorlog duurde hield hij zich onledig met het schrijven van een „Oorlogsdagboek” in verschillende delen, waarin hij trouw en onopgesmukt de gebeurtenissen vertelde waarvan hij getuige was geweest. Later en helemaal zonder reden heeft dat werk nog stof doen opwaaien bij degenen, die de schrijver zijn rustige objectiviteit ten kwade duidden.

Toen de vrede hersteld was, heeft het nog enige tijd geduurd voor Streuvels een nieuw scheppend werk in het licht gaf. Eerst in 1922 kwam „Prutske” uit, de tere en innemende uitbeelding van de ziel van zijn dochtertje. Andere boeken die volgden, als „Land en Leven in Vlaanderen” en „Op de Vlaamsche Binnenwateren” waren eerder als journalistieke verpozingen bedoeld. Eenige jaren zag het er naar uit, alsof Streuvels de grote tijd van zijn meesterlijke scheppingen afgesloten had; hij herschreef oude volkssagen en legenden over Reinaert de Vos en Genoveva van Brabant en liet ook verschillende vertalingen verschijnen. Gelukkig leverde hij nog ongeveer ieder jaar een kerstverhaal. Eens, met „Alma met de vlassen Haren” waagde hij zich aan een modern heiligenleven, dat noch hem noch zijn vrienden volkomen bevredigde.

In 1926 bewees hij dat zijn tijdelijke inzinking overwonnen was. Dat jaar verscheen „Werkmensen” met de onovertroffen novelle „Het Leven en de Dood in de Ast.” Daarop volgen de sterke, hoewel enigszins aanvechtbare romans „De Teleurgang van de Waterhoek” en „Levensbloesem,” werken waarvan de onderwerpen hem jaren lang geboeid hadden, voor hij ze in een passende vorm kon voltooien.

Nu brak de tweede wereldoorlog uit. Een Duitse maatschappij, waarmede hij vroeger gecontracteerd had, verfilmde „De Vlaschaard” en ter gelegenheid van zijn zeventigste verjaardag liet Streuvels het eerste deel van zijn levensherinneringen verschijnen. Het is „Heule”

getiteld. Vijf jaar later kwam „Avelghem,” het tweede deel, uit en enige weken geleden ook de inleiding tot het derde deel, dat onder de titel „Ingooyghem 1904-1914” op de markt werd gebracht.

Streuvels heeft verschillende keren de grote Staatsprijs voor het Proza gewonnen; hij is lid van de Koninklijke Vlaamse Academie en van de Nederlandse Maatschappij voor Letterkunde. Hij verkreeg talrijke Belgische en buitenlandse onderscheidingen en is een schrijver met internationale bekendheid, één der groten uit de werendliteratuur van de twintigste eeuw. Vertalingen van sommige van zijn werken verschenen in het Frans, het Engels, het Spaans, het Italiaans, het Tsjechisch, het Lettisch en het Esperanto. Al zijn boeken werden in het Duits vertaald.

Streuvels is een schitterende vertegenwoordiger van de half-realistische en half-romantische heimatletterkunde. Zijn werk is als een spiegel waarin de verschillende eigenschappen van onze volksziel worden weerkaatst. Onze lijdzaamheid in het ongeluk; de onderworpenheid waarmede wij de slagen van het lot, als onafscheidelijk samengaan met het leven, ondergaan; onze eerbied voor de bovenaardse machten, die onze wegen leiden naar een ongeweten doel, heeft hij in talrijke verhalen, vooral uit zijn eerste schrijfingsjaren, met beklemmende onverstoorbaarheid uitgesproken. Wij verwijzen naar het schoonste werk uit deze reeks, de roman „Langs de Wegen,” en durven verzekeren dat er in onze taal geen ander boek bestaat, waarin het noodlotsbesef zo machtig tot uiting komt.

Maar niet alleen ligt een dadenloze duldaamheid in ons karakter. Wij zijn even zeer koppige wilsmensen, die met doordrijvende vastberadenheid op ons doel afgaan en ons door niets ter wereld laten weerhouden. Dan zijn wij niet altijd van wrede onverschilligheid voor het lot van anderen vrij te spreken. Ondanks het besef dat wij het beoogde doel niet zullen bereiken en misschien door onze halsstarrigheid ten onder zullen gaan, verbiedt onze trots, dat wij voor de overmacht van de omstandigheden onze wapens neer zouden leggen. Dat is de houding van Boer Vermeulen uit „De Vlaschaard” en van Deken Broeke uit „De Teleurgang van den Waterhoek.”

Naast die eenzame en tragische stijfkoppen, krioelt het van geslepen berekenaars, die zich bij alle toestanden aanpassen en iedereen naar de mond praten, als er maar voordeel bij te halen valt. Meesterlijk doorkenen heeft Streuvels deze profiteerders in verschillende novellen laten optreden, maar nergens zo volmaakt in hun huichelachtige kleinzielighed als in „De Veprijskamp.”

Een ander uitzicht van onze volkspersoonlijkheid, onze schroomvallige houding tegenover het godsdienstige, heeft hij in onvergetelijke kindergestalten belichaamd. Wij zouden over „Prutske” kunnen spreken, was het ons niet liever de zuiverder scheppingen, die Horieneke uit „Lente” en Veva uit „Het Kerstekind” zijn, te binnenvoeren. Deze figuren zijn door hun smetteloze frisheid en tedere vroomheid iets enigs in de moderne literatuur.

Tegenover hen staat onze lust tot kermisvieren, eten en genieten, onze drang om te verdelgen en te bederven. In „Minnehandel” komen verschillende tafereelen voor, die als voorstudies voor Timmermans’ „Pallieter” konden gelden en in Miro uit „De Teleurgang van den Waterhoek” ligt zoveel zinnelijke drift, dat zij iets demonisch bezit. „Alma met de vlassen Haren,” die ongekend en ongeacht, God op heldhaftige manier wil dienen is, in tegenstelling daarmede, het symbool van het streven naar heiligeheid, zoals het bescheiden en verborgen, in onze edelste vrouwens soms wortel schiet.

Boven de wereld van genieters en onthechten, zwakken en sterken, zondaars en gelouterden, een wereld waarin iedere mens volgens zijn eigen karakter het geluk najaagt, staan de wijze humoristen, die het leven doorproefd, doorleden en ten slotte overwonnen hebben. Als een gouden draad loopt door Streuvels, eerste en laatste werk deze glimlachende zekerheid, die ten slotte het heerlijkste in de volkse schalksheid van Tieste Verkomst uit „Levensbloesem” en de philosophen uit „De Maanden” openbloeit.

Al deze uitzichten van onze volksziel heeft Streuvels met weergaloze onpartijdigheid tot hun recht laten komen. Nooit heeft hij een poging gedaan om de realiteit te verminken of te vervalsen. Daardoor is zijn werk ook zo in-gezond. Hij overdrijft of vermindert niet. De hoogste

kunst, degene die het meest kans heeft om de tijd van haar ontstaan te overleven, is steeds degene geweest die de mens naar volle waarheid kon eerbiedigen zoals hij is. Streuvels heeft dat gedaan. Zijn werk is zonder enige bijbedoeling een zuivere schepping, die de schoonheid van Gods schepping niet naar eigen willekeur zoekt te verknoeien. Veel moderne romans zijn in de grond slecht didactische verhandelingen, waar het verhaal in dienst staat van de oplossing, die een schrijver voor een bepaald probleem wil opdringen. De verhalen van Streuvels daarentegen zijn louter episch en die zeldzame eigenschap waarborgt hun blijvende betekenis.

Zijn beste novellen en romans zijn tegelijk zeer sterk van bouw. Eén groot gebeuren gaat er doorheen en trekt een rechte lijn waarvan niet afgeweken wordt. Naast die eenheid valt de logische opeenvolging der tafereelen op. Niets doet gewrongen of onecht aan; zo natuurlijk als een bloem die bot, bloeit en verwelkt, ontplooit zich de geschiedenis, ontstaat een verwikkeling, komt een katastrofe en volgt een ontknoping, die dikwijls zonder moedwillige breuk door de al te gemakkelijk ter hulp geroepen dood, de helden in de nevel van het verder onbekende laat verdwijnen. Dat Streuvels' verwoording van zijn werk een meesterstuk is van taalkennis en taalaanvoelen, zoals het door klank, beeld en rythme, door de juiste keuze van het woord en de onfeilbare bouw van de zin tot uiting komt, wordt zo algemeen aanvaard, dat het geen uitvoerig betoog noodzakelijk maakt.

Steunende op deze vaststellingen en vergelijkend met het beste, dat onze prozaliteratuur heeft aan te bieden, mag worden besloten dat Streuvels de grootste epische schrijver is, die wij in Vlaanderen ooit hebben bezeten. Hij is vertolking en spiegelbeeld van de Vlaamse ziel, die hij in werken van blijvende betekenis heeft vereeuwigd.

# *Stijn Streuvels Bij Zijn Tachtigsten Verjaardag.<sup>1)</sup>*

*door Antoon Coolen*

Het werk van den schrijver, dien wij thans huldigen, kunnen wij bij diens leven als een afgesloten geheel overzien: zelf verzorgt hij er nog een chronologische, volledige uitgave van. Het wordt afgesloten door drie deelen mémoires, die teruggrijpen tot vóór den aanvang van het letterkundige werk en de voorbereiding zoowel als de ontwikkeling ervan vergezellen. Het is veelzeggend, dat die mémoires niet Mémoires heeten of Mijn Dagboek, doch dat ze namen dragen van West Vlaamsche dorpen: Heule, Avelghem, Ingoyghem. Als men zegt, dat de wereld van Streuvels' werk niet groter is, dan moet men zich haasten eraan toe te voegen, dat ze vooral niet kleiner is. Er zijn schrijvers, die niet buiten het betrek kunnen van het landschap waarin ze opgroeiden en tot die schrijvers behoorden kunstenaars als Alain Fournier en François Mauriac, die dit met evenveel woorden als de bindende voorwaarde, de atmospheer sine qua non voor hun werk erkennen, en Maugham, die zegt, alleen te kunnen schrijven over mensen van wier gemeenschap hij deel heeft uitgemaakt, omdat je van hooren zeggen nooit achter de dingen komt, die in die gemeenschap de mensen gemaakt hebben tot wat ze zijn. Klein of groot doen er niet toe als vlaktemaat voor de streek, waarin een auteur wortelt. Klein of groot wordt uitgemaakt door het beeldende,

<sup>1)</sup> Rede gelewer by geleenheid van die Streuvelshuldigung in Brugge op 25 November 1951.

dichterlijke vermogen van den schrijver, en daar kunnen we het hier over eens zijn. In die drie namen Heule, Avelghem, Ingoyghem legt dit werk als naar een eindeloos verschiet het uitzicht open op West Vlaanderen, waarvan het de groote epische verbeelding is. Het maakt West-Vlaanderen wereldwijd, het maakt het, inderdaad, tot een wereld.

Met Lenteleven ving die grootsche epische verbeelding van de West-Vlaamsche wereld aan en dat boek verscheen nu ruim vijftig jaar geleden in een uitgave van Victor Delille in Maldeghem en in een gelijktijdige Noord-Nederlandse uitgave bij L. J. Veen te Amsterdam.

Het was in de dagen, dat de vernieuwing der Tachtigerbeweging in Noord-Nederland met het Vlaamsche renouveau der Van Nu en Straksers samenviel. Zoo min als in Noord-Nederland was het in Vlaanderen zoo, dat een apologie voor een beweging een werfkracht van talenten werd. De talenten waren er eerste en ze werden zich gelijktijdig van de vernieuwing bewust, waartoe ze zich aaneensloten. Toen Streuvels met de tweede reeks van Van Nu en Straks voor het eerst met dit tijdschrift in aanraking kwam was het, zoals hij zelf later vertelde, of hem daar in zijn dorpsche eenzaamheid een windvlaag om den kop woei. Zoo 'n dichtregel van Karel van de Woestijne: „Woud, macht van vuur, o majesteit van vuur!” dat was al niet minder dan de donderslagen van Kloos en van Deyssel, en Streuvels spreekt van een veropenbaring, een nieuwe wereld, een hoogte, waarnaar hij verlangend opzag, een wonder, dat gebeuren ging. De Van Nu en Straksers waren zijn mannen en hij sloot zich bij hen aan, August Vermeylen, Karel van de Woestijne, met wie te samen hij de Vlaamsche literatuur die vernieuwing schonk, welke haar Europeesche mondigheid inhield. Van de drie genoemde is hij de enige nog levende en van hun werk is het het zijne, dat, omdat verhalend proza altijd gemakkelijker den weg tot vertaling vindt, het meest tot Europa is doorgedrongen door verschillende vertalingen, maar bijzonder door de Duitsche en hun verspreiding in Duitschland, Oostenrijk en Zwitserland, waar de vele uitgaven hem plaatsen in de rij van Europeesche schrijvers en de letterkundige critiek hem graag

naast Gorki stelt, waarmee zijn werk verwant en zonder eenigen twijfel in evenmaat is.

In Nederland was het werk van Streuvels, dat daar in de groote letterkundige tijdschriften verscheen en in snel opeenvolgende boekuitgaven, een overrompelende verrassing. Nadat met de heele negetiend'eeuwsche inscrompling de officieele litteratuur in een dood straatje was geraakt brachten de donderslagen van de tachtigers de vernieuwing door de Hollandsche inauguratie in de poëzie van het Engelsche aesthetisme van Shelley en Keats en in het proza die van het Fransche naturalisme. In Nederland werd dit naturalisme, Nederlands-eigen, gedomineerd tot realisme, het klaarst en zuiverst in het schilderlijk realisme van Jacobus van Looy, bij wie n de taal een tot dan ongekend beeldend vermogen kreeg. Aan het schrijverschap werd het praedicaat woordkunstenaar, prozakunstenaar, taalkunstenaar verbonden. Bij van Deyssel ontaardend in een vermoeiende descriptie bleef de nieuwe prozakunst het zuiverst bij van Looy. Maar aan den anderen kant in den samengang met de ontwikkeling der sociale tendensen wijzigde zij zich tot een realisme, dat vooral den zelfkant zocht. In de titels: Verveling, Een Zwakke, In Duisternis, Bleke Levens, Wrakke Levens, Van den Selfkant, Swervers, boektitels van auteurs als Frans Coenen en Gerard van Hulzen, ligt de opzet genoegzaam aangeduid. Wil men geleerde termen, dan kan men van pessimistisch, deterministisch spreken, maar zonder eenigen twijfel was dit realisme grauw en naargeestig. Het realisme van Streuvels bracht een anderen en frisschen wind, den wind van Vlaanderen, van het Zuiden. Toen het in Werkmensen tot zijn hoogtepunt kwam, waren die Noord-Nederlandsche boeken, die ik daarnet noemde, al lang vergeten; en uit Werkmensen zou dat machtig brok proletarische vertelkunst het Leven en de Dood in den Ast levend blijven tot nu toe, en 't zal langer nog levend blijven. Het is waar, dat Streuvels' werk in den aanvang een sterken fataliteitstrek vertoonde, de wending van het verhaal naar den slechten afloop: de zelfmoord in de novelle In 't Water, Horieneke, dat na den stralenden communiedag in den stijven Aprilschen regen op 't land werkt bij den boer die beeste speelt met de kleine meisjes, de blije

speeldag aan 't eind waarvan een jongetje uit een boom doodvalt, de idylle van Oogste, waarin de knaap Rik door den zonneslag wordt geveld. Maar in de slecht afloopende verhalen als Een Speeldag en Horieneke en Oogst, wat een beschrijvingsvreugd vooraf: het schoone beeld der dorpsche dagen, de verrukkingen van het kinderspel, de weergaloze teederheid der voorbereiding tot de kindercommunie, de innigheid van een onuitgesproken knapenliefde. Windopen zijn de titels: Lenteleven, Zonnetij, Zomerland, Het uitzicht der dingen, Najaar, Dagen. Tegelijk met het blijder worden van den toon in de hymnisch uitgezongen liefde voor natuur en leven wijzigt Streuvels' fatalisme zich tot de groote tegenkracht der onbuigzaamheid van de natuur. Van Looy's virtueuse beschrijvingskunst, is dikwijs artificieel tot in het hanteeren van de syntaxis toe, — het proza van Streuvels heeft, behoudens misschien een „woordkunst” ontsporing in Zomerland, een toenemende natuurlijkheid van wasdom. Eerder heb ik het als een dauwfrisch, windopen, regenvochtig, aardkrachtig genoemd, men zoekt naar dat elementaire in de bepaling, dat de Noord-Nederlandsche dichter Verwey zoo treffend aanduidde, toen hij zei, dat, als de zon kon schrijven, ze schrijven zou als Streuvels. Het onderscheid tusschen van Looy en Streuvels is echter vooral, dat Jacobus van Looy enkel beschreef — Een Hengelaar in den regen, Nachtcactus, Sneeuwdag in Venetië, Stierengevechten — en aan de fabel geen plaats liet — eerst later in Zebedeus, in het verhalende Jaap en Jaapje — terwijl Streuvels' kunst vooral episch is in de weergave van menschelijk leven en lotgeval. De menschelijk leven en lotgeval boeit zoo ongemeen omdat het zoo trefzeker is gebeeld, de meesterlijke indringende psychologie deze mensen zoo werkelijk maakt. Eerder schreef ik reeds, in de heele Vlaamsche litteratuur geen mensen te kennen, die zoo bloedwarm, zoo ademkrachtig, zoo levensecht leven als de figuren uit het werk van Streuvels — Streuvels' kunst, jong toen, nieuw, baanbrekend, werd voor Noord-Nederland een hartveroverende verschijning in de litteratuur en heeft op de ontwikkeling van het landelijke verhaal en van den boerenroman in de Noord-Nederlandsche letterkunde, een overal aanwijsbaren invloed gehad.

Ik moet zeggen: voor mij heeft de kunst van Streuvels overwegend iets zomerlandsch, ze is immer doorbroken door den blijden toon, hymnisch soms als in Sint Jan en Jeugd, levenswarm als de joelvreugde in Minnehandel, lentelijk als in het wieden in De Vlaschaard, verstild in dat innige Stille Avonden. Schrijvend als de zon zou doen indien ze zou kunnen zet onder de eindeloos wijden hemels Streuvels zijn wereld van West-Vlaanderen in dagklaarte uit: de boer op Heerenhof op pachthoeve, de kleine boer, de koe- en keuterboer, en vooral de kortwoners, de werkmenschen, wier moeizaam leven en labeur hij gestalte en beeld heeft gegeven in machtige brokstukken, men zou zeggen Gorkiaansche proletarische kunst als men niet zooveel treffender kon zeggen: Streuvelsche proletarische kunst.

Zijn boeren zit hij in wezen en ziel en huid, als die in de Veeprijskamp, of in het Vlaschaardepos of in Vrede uit Dagen, landsch, grondsch, boersch tot in merg en vezel, met hun boerenhardheden, — wijdsch en grootsch in die ademspanning, die in evenmaat is met die van veldarbeid en seizoenwisseling. De plaatsenaars, de wereld van het dorp met de verholen geheimen, en steeds weer de werkman. Van proletarische kunst sprekend bij Streuvels dring ik dit werk geen sociale tendenz op, die het nie heeft. Het heeft meer. Het heeft dit zwaar, epische getuigenis van dit West-Vlaanderen, de vette streek, maar van alle Belgische provincies het gewest met het minst eigen en het meest verpachte land en met die antithese tusschen grondeigenaar, heerenhof en kortwoner, het labeur van hen, die het zwaarst werken voor de vruchten der aarde, maar er het magerste deel van hebben tot die tegenspraak toe, dat het vette land hen het minste voedt, en voor duizenden de redding uit den nood ligt in het uitwijken naar Noord-Frankrijk, daar onmenschelijk zwaar te werken, om bij thuiskomst alle achterstallige schulden te betalen en, om dan den winter door te komen, weer naar de beeten-campagne te moeten trekken, dit arbeidsdrama, waarvan Oogst, maar vooral De Werkman uit Werkmensen zoo 'n aangrijpend beeld geeft. En zóó kan die werkman niet afstompen in het te zwaar gareel, in de eeuwigdurende zorg dat al het verdiende zóó weer in het alles eischende gezin

is verdwenen, of Zij houdt de geestkracht, de Vlaamsche proletarische, moederlijke vrouw als Manse Balcaen, als de vrouw van Verhelst, zij houdt zich en de hare staande met die soms woeste geloofskracht, zooals de moeder uit de novelle Sint Jan in Dagen. Naast de vrouw is het prille landsche Vlaamsche meiske, de raadselachtige bekoring van de vrouwelijke puberteit, het meisjesideaal, als in De Blijde Dag, als in Lieveke Glabeeke, in Schellebelle, in de Horieneke-evocaties van Stille Avonden, in Genoveva van Brabant, in Alma, waar ze de exponent wordt van de Vlaamsche mystiek en vroomheid. En met het noemen van de Horieneke-evocaties raakte ik een ander, telkens terugkerend motief in het werk van Streuvels: de nostalgie naar het wonder van de puurheid van het kind. Deze verteerdering doet hem van den aanvang af reeds de schoonste bladzijden schrijven: Horieneke uit Lenteleven, Een Speeldag, Kinderzieltje, Kerstekind, Prutske, en altijd zijn het bladzijden van een ongeëvenaarde indringingskracht in de kinderziel. Dit bedroomen van het kind verdiept zich tot de rijkste geluksmomenten in zijn werk zooals in Veva in Kerstekind, in Prutske zelf, tot het kind, reinigend en verzoenend, vereenzelvigd wordt met de hemel- en engelgestalte, zooals in de novelle Kerstmis in Niemandsland uit Werkmensen. Verhelst, vroeger landarbeider en kleinboer, door den oorlog van zijn gedoentje beroofd en uit de baan geworpen en nu ploegmaat in het fabrieksproletariaat, voor alles afgestompt in de rabouwige rattenkeet van zijn noodkrot waarheen hij met den arbeiderstrein dagelijks terugkeert, hoort in den kerstnacht zijn zoon Dolfke zingen en hij hoort er de onbeschrijflijke engelenstem in, die hem in de ziel blijft zitten. De verzoenende zuiverheid van het kind wordt in dit bar en rauw leven zóó beleefd, dat hij er niet meer om taalt, of hij zijn verwoest boerendoeningske terugkrijgt of niet en slechts bekommert blijft door dit eene: het heimwee naar de engelenstem der kinderlijke ongerepteheid, steeds weer het motief bij Streuvels, dat als een gouddraad door zijn episch werk loopt.

In het werk van Streuvels zooals het voor ons ligt zien wij een standvastigen groei en verdieping en een toename van de epische kracht, van Lenteleven en Doodendans naar

Langs de Wegen, van Zonnetij naar De Vlaschaard, van De Vlaschaard naar Werkmensen met dat meesterwerk van samengebalde vertelkunst: Het Leven en de Dood in den Ast. Als scheppend kunstenaar zich aansluitend bij Van Nu en Straks neemt hij nochtans aan geen enkele letterkundige discussie deel, laat er zich ook niet door afleiden, maar gaat zijn eigen, sterken ontwikkelingsgang. Daarmee schenkt hij aan de Nederlandsche literatuur de Zuid-Nederlandsche bijdrage van zijn omvangrijk oeuvre, dat met Gezelle tot den roem van het nieuwere Vlaanderen behoort.

Ruim vijftig jaar is een heele tijd. Vanzelf ontwikkelen zich andere literaire stroomingen. De roman in Vlaanderen vernieuwde zich in figuren als Daisne, Walschap, Marnix Gijzen, en in een rij van jongeren, die een heugelijke belofte inhouden. Wat zij nu doen, deden een halve eeuw geleden de Van Nu en Strakkers, deed Streuvels met de openbaring der proza-vernieuwing van zijn jonge en nieuwe kunst, waarmee hij zich een halve eeuw zou handhaven als Vlaanderens grootste prozaschrijver. Met deze aanduiding stond hij te boek in het geschiedkundig overzicht der Nederlandsche letteren, dat ik op de schoolbanken had: zoo staat hij nog te boek in de een jaar oud zijnde nieuwe uitgave van ditzelfde overzicht, dat tot nu toe werd bijgewerkt. Nu hij tachtig jaar is geworden en grijs, maar niet oud, en springlevendig gebleven als zijn werk, zeggen wij hem voor zijn schoonen arbeid dank, verheugd over het voorrecht hem dat nog in den Stillen Avond van zijn leven te mogen doen. Als Noord-Nederlander hier sprekend breng ik hem dien dank uit een vol hart. Ik huldig eerbiedig in hem den dichter, wiens oeuvre tot het schoonste en rijkste behoort, wat de Nederlandsche literatuur van de laatste eeuw bezit en wat ze aan het voor die literatuur zoo vruchtbare Vlaanderen dankt. En persoonlijk sprekend, wat mij toegestaan zij, getuig ik niet minder dankbaar, dat het werk van Streuvels en, om er deze binding in te betrekken, èn zijn vriendschap tot het beste behooren, wat ik in mijn leven aan geestes- en geluksinhoud mocht verwerven.

# *A. J. J. Visser*

## *Voor Die Intog*

Hy was die laaste van die ou geslag  
wat nie die nuwe land mag binne gaan.  
En nou na veertig jaar van swerf en wag  
het hul op die Jordaan se wal gestaan.

En vlugtig dwaal hul oë oor die sand  
waar hul moes swoeg en worstel om te puur  
tot vlees wat taaier is en meer bestand  
teen gode oorkant hierdie sterk rivier.

Maar reuse-mure teen die verste hang  
het weer in hul die ou-ou vrees laat gis  
vir vreemde stad en volk soos hul ook bang  
was vir die dorre pad wat agter is.

Want dié wat ver in graf en sandwoestyn  
moes bly, leef nog in hul, al stap hul flink  
en sterk vooruit as Levi se basuin  
hoog oor die heuwels van die kanaän klink.



W. H. COETZER BY MONT-AUX-SOURCES



## *Vlieënier*

Hoewel hy daagliks soek, het hy nog niks gevind  
as net die kouer, dunner lug en warrelwind.  
Verwilderd vlug hy hoog en snel verby  
die klein gehug van eensaam vrou en honger kind.

## *Produk*

Rook wat in flarde aanwaai uit die stad; die roet  
wat ons hier willoos insnuif tot ons helder bloed  
vertroebel is: Produk van die masjiene wat  
deur dag en nag moet worstel om 'n volk te voed.

## *Ouderdom*

Die jare trek 'n kamer rondom my  
en alle helder lyne word verwarr  
in vormloosheid. Verlaat en eensaam bly  
ek soos 'n beeld wat in 'n spieël verstar.

# *Die Lied van die Basotho*

deur G. H. Franz

'n Lang goederetrein trek die opdraande op. Die lokomotief trek swaar en stadig. Dis net gesis van stoom en geklap en geklink van yster.

Die bokwagtertjies ken hierdie trein baie goed. Sy tyd is wanneer die son hierbo staan en die skape en bokke die skaduwee van die doringbome opsoek om te gaan lê en herkou. Elke dag wag hierdie veewagtertjies op die trein, en wanneer die lokomotief op sy stadigste en swaarste loop, vorm hulle 'n trein langs hom. Hulle leier is voor, hy is die lokomotief. Die ander val in 'n lang ry agter hom in. Elkeen vat aan die elmboë van sy maat voor hom. Stadig, in maat met die lokomotief, swaai die arms van die skouer tot by die elmboog vorentoe en agtertoe, terwyl die hele klomp op die regte maat hulle lied sing:

Seti'mélá	Setimêle
Seti'mélá	(die trein)
Tlosáng baná	Vat weg die kinders,
Tlosáng baná	Vat weg die kinders,
Ke lapile,	Ek is moeg
Ke tswa kgolê,	Ek kom van ver
Kgôpô tsá me,	My ribbekas
Di' bohlo'ko!	Is tog so seer
Ke gálá fá,	Hier trap ek vas,
Ke gálá fá,	Hier trap ek vas.
Ke ya Kápa,	Ek gaan Kaap toe.
Ke ya Kápa,	Ek gaan Kaap toe.
Ke fo têtém',	Nou skud ek op.
Ke fo têtém',	Nou skud ek op.
Gwašaa . . . !	Gwasjaa . . . !

En sodra die trein hulle verbysnel, gee die leier 'n swaai eenkant toe, en die klomp val oormekaar in die sand. Dan spring die leier op 'n miershoop en roep uit:

Ké una tšhutšhumagala,  
Kgomō-tona ya mmusô!  
Tshipi e tšeа kgang le pitsi!  
Dis ek, tsjoe-tsjoe-pure-vonke,  
Groot bees van die regering!  
Yster ja wrampies reisies met 'n perd!

Hier het ons meteens die ontstaan, die vorm, die ritme en die aard van die Sotho-lied, wat om sy beurt weer geboorte gee aan die loflied en die lofnaam. Ons let op die klanknabootsing en die klankuiting. By laasgenoemde speel die intonasie 'n groot rol. In die lied het ons die hoogtoon met 'n aksent (') aangedui bv. setimèlá. Hierdie intonasie vorm feitlik die wysie of melodie, b.v.

tlosáng baná (hoogtoon op tweede lettergreep),  
maar  
ke lapile ke tswa kgolê (geen hoogtoon nie).

Die Mosotho is nie gebonde aan voorafbepaalde reëls van rusmaat nie. Hy is wel gebonde aan ritme, en die digter moet baie versigtig wees dat hy nie die kritiek uitlok nie: „ó positse mošítô” (hy het die ritme verbreek). In die Sotho-digvorm word die ritme weer gebruik vir gevoelsuiting en dus vind mens dikwels onverwagte maar spontane veranderings van ritme, soms in die middel van 'n versreël. Neem bv. hierdie versie:

Ké nna thelengane ya marumô,  
Phatašwen moláleng,  
Nonn'a go tsêna ka sepéle!  
Dis ek: glip-glip deur assegaaie,  
Witpaal in die vlakte,  
Nou van toegang met die spelboek.

Die Afrikaanse bewerking behou die ritme en klank van die Sotho. As iemand dus die versmaat van die Afrikaans ontleed het, dan kom hy baie naby die versmaat van die Sotho.

Hieruit moet nie aangeleid word dat daar glad geen versmaat in Sotho bestaan nie. Ons wil net beklemtoon dat by die Mosotho die versmaat afhanglik is van die gevoel:

Há	ké	le	kwana	tuka	tolé			
Ka	útlwa		bá	ré	mme	ó	šwele	
Ka	thuba		pôntô					
Ka	bále	hêla						
Ka	re	bá		pâté				
Mmé	ka		yôna					

Ritmies vertaal sou hierdie liedjie min of meer so klink:

Toe	ék	doe	ver	was	(op)	toeká	tolé	
Hoor	ék	dat	hul'	sé	ma's	oorlede	.	!
Ek	breek	'n	pond	op				
En	ék	haas	my	heen				
En	sé	be grawe						
My	ma	hiér mee						

Maar dit is wanneer die groot drom vergesel word deur die klein dromme dat mens die ritme en die versmaat kan ontleed. Die groot drom (boem) bepaal die tempo en die maat, terwyl die klein dromme (ki en ti) die uitdrukking verskaf. Wanneer by die dans met die hak op die grond gestamp word dan is dit volgens die maat van die groot drom, die tone speel saam met die klein dromme. Ons kan dit so uitbeeld:

Groot drom	Klein dromme	Groot drom	Klein dromme
boem	ki	boem	ki
boem	kikitiki	boem	kikitiki
boem	kikitikiti	boem	kikitikiti
boem	kikitiki	boem	kikitiki

Die spelers van die klein dromme moet dus die woorde van die danslied behoorlik ken om hulle goed te kan vertolk, want hulle moet leiding verskaf aan die sangers en dansers.

Trouens vind ons ook die danslied-motief wanneer 'n Mosotho 'n ghitaar in die hande kry en sy eie begeleiding speel. Die deuntjie bly dieselfde en word tot vervelens toe herhaal. Ons moet liewers sé: dit sou vervelend word indien daar nie kort-kort, sonder enige waarskuwing, 'n skielike verandering in die ritme kom nie. En wanneer

mens verstaan wat die speler sing, dan dien die deuntjie as agtergrond en daar is min kans dat dit vervelend word. Luister nou wat buurman se bediende daar sing met begeleiding van sy ghitaar:

Manne, witman sê, ons is net dom;  
Jo-jo-jojonna-joo!  
Die vrou die gooи met die skelwoorde,  
Die man die gooи met sy skoen!  
Jo-jo-jojonna-joo!  
Gister sien ek die rus van Madiope,  
Jo-jo-jojonna-joo!  
Ek sê: „Sussie waar slaap jy vanaand?”  
Khele-kikikikitla-ki!  
Sy sê: „Wat sal jy maak as jy weet?”  
Khele-kikikikitla-ki!  
Ek sê: „Sê jy dan sal ek sê!”  
Khele-kikikikitla-ki!  
Haai, Alfons, waar is die skepsel nou?  
Jo-jo-jojonna-jo!

En dan volg die verhaal van gebreekte skottelgoed, stof in die hoeke van die kamers, melk wat oorkook, rusie tussen man en vrou, e.d.m.

Die singer het geen gehoor nodig nie. Hy raak maar net sy gevoelens kwyt.

Wanneer meer Basotho's bymekaar is dan sing gewoonlik een voor en die ander „ba mo dumela” (letterlik: hulle bevestig sy woorde), d.w.s. hulle verskaf die koorsang.

Dit is hoogs interessant om 'n evangelisasiediens in die reserwes by te woon waar nog baie min Christene is. Die evangelis neem gewoonlik 'n paar Christene saam om voor te sing. Skaars is die eerste vers van die lied verby of die hele vergadering sing mee en verskaf daarby 'n eg Bantoe-harmonie, d.w.s. die Christene maak gebruik van die westerse toonleer terwyl die nie-Christene in die egte Bantoe-toonleer, wat slegs vyf note het, harmoniseer. Dit gee aan die hele lied 'n volkome ander atmosfeer, maar maak dit nie minder gewyd nie.

Teenswoordig kom die Basotho sterk onder die invloed van die westerse liedere en melodieë. Hulle verbantoeser

egter ons liedere en daardeur kry ons liedere 'n heeltemal nuwe wese en maat.

In 1933 was daar 'n kwaai droogte op Bolantlokwe. Die vrouens het besluit dat die Here kwaad is vir die mans, en dus moet hulle alleen 'n biduur hou vir reën, en dit nogal in die skool, want dit is hulle kinders wat van die honger vergaan. Die onderwysers het opdrag gekry dat hulle om twaalfuur al die seuns uit die skool moet neem en net die dogters agter laat bly. Om kwart voor twaalf kom 'n lang ry vrouens sing-sing skool toe, een agter die ander. Hulle stap nie gedwee en bedroef aan nie. Nee, hulle dans min of meer die ou Engelse „cake walk.” Hulle lied is: „Khotso, khotso” (Peace, perfect peace). Van twaalfuur tot iets oor twee nm. het hulle gesing en gebid, toe kom 'n mooi bui reën. Die vrouens borrel die skool uit en hef 'n Christelike danklied op dansmaat in die reën aan.

Wie sê nou die Here luister nie na die Bantoelied nie!

# *Jos. de Haas*

## *Gedicht*

O God, wij zijn te vochtig en te vlezig,  
en voor elkander anders niet dan lip.  
En laag in uw gebied met zonde bezig,  
niets dan bederf van kleideeg en van rib.

En allen in de greep van uw begrip,  
als darren die aan honigraten hangen,  
als liederlijke ratten op een schip,  
als longen in de lucht — gevoed, gevangen.

Indien uw schepping van de duivel was  
en alle mensen grafruggen van steen.  
Ons wezen zette vast zich in zijn as  
ter rust, het ware wet, het ware steen,  
ik lag te harden door de tijden heen  
indien uw schepping van de duivel was.

Zou het uw eindeloze liefde zijn?—  
bazuin die door de sferen stoot een toon,  
echoënd in de vlakten waar de pijn  
het hart brak van uw mens geworden zoon.

Of, voor de laagsten die gjt scheppend zijt,  
uwe genade? — een kinderlijke wens,  
een speling van uw wil die zich vermeit  
nog in gedaanten: brood en wijn en mens.

Aanwezigheid waarmee gij ons beproeft,  
't spel der mysteriën dat ons bedroeft.  
Christus Jezus heeft onder ons vertoefd,  
als dranken zijn wij, tot in 't bloed beproefd.

Onwennig met de weg zoals een blinde,  
want elke stap, elke seconde is deelbaar,  
vergeefs, ook als wij ooit het cijfer vinden,  
de sleutel van de sferen is onspeelbaar.

God, doof mij met de zorg van goedegezinden—  
de ruimte hoopt zich op, de tijd is teelbaar  
en woeukt op 't onzichtbaar zaad der winden,  
de ziekte is overal, en nergens heelbaar.

Licht dat ik ooit gans stil sta in de leging  
door zwarte slaap van omvang en beweging,  
dat in Uw kroonhemel een lichtboog welft  
van wat in mij was eer het werd gewurgd,  
van wat in mij was, beter dan mijzelf,  
vers uit de handen van Uw demiuurg.

# *André Gide*

*deur Marius Valkhoff*

In die begin van hierdie jaar het twee grote Franse skrywers heengegaan, die toneelskrywer Henri Lenormand en die denker André Gide (1859-1951). Maar terwyl Lenormand, wie se sombere en uitsonderlike karakters in die twintigerjare orals baie sukses gehad het, nou eintlik vergeet is, het Gide sy eie roem volstrek nie oorleef nie. Ja, die merkwaardige is selfs dat, ofskoon hy na die bevryding amper g'n belangrike werk meer geproduseer het nie, die algemene waardering vir hom nog steeds toegeneem het. Ek skrywe hierdie verskynsel veral toe aan die invloed van sy *Journal* (Dagboek), wat ons die gekompliseerde siel van die oueur — en daarmee ook sy werk — veel beter laat begryp het en ons tewens sowel sy totale opregtheid teenoor homself as sy juiste smaak op letterkundige gebied geopenbaar het.

Dis moeilik vir 'n kritikus om Gide se veelsydige en genuanseerde persoonlikheid in enkele reëls saam te vat. Die skrywer het trouens 'n merkwaardige ontwikkeling deurloop, en daar is 'n groot afstand van die simbolistiese jonge digter van 1892, of die vrygevogte puritein van daardie jare, tot die lewensgenietende skeptikus wat nou oorlede is. Wanneer 'n mens dan ook 'n oordeel oor Gide lees van andere kritici, bevredig dit hom selde heeltemal. Is Gide byvoorbeeld: „Een zoeker, een Nietzscheaan, een Spinozist, leerling van Dostojefski, een man die het leven voortdurend ziet in felle ernst, en in strikt persoonlijke verantwoordelikheid aan een God . . . in Wie hij niet gelooft”, soos Professor Henk Brugmans dit mooi uitdruk? Ek wonder, want ek twyfel aan daardie „felle erns” en

„strik persoonlike verantwoordelikheid aan God”. Ek sien ons denker eerder as 'n laaste en geniale verteenwoordiger van die geslag van Franse skeptici, wat eintlik al met Jean de Meung in die 13e eeu begin, en oor Montaigne in die Renaissance-tyd en die 17e-eeuse Libertyne na Voltaire loop, en van hom oor Renan na Anatole France, op die drempel van die 19e eeu. Ook het Gide met Voltaire, Renan en Anatole France die helderheid van uitdrukking en die suiwer, klassieke taal en styl gemeen wat dit vir die leser 'n ware genoëé maak om hierdie skrywer se boeke in die hand te neem.

Daar is betwyfel of André Gide wel 'n romanskrywer genoem mag word, en ek het hom ook liewers, aan die begin van hierdie artikel, as 'n denker bestempel. Dit belet egter nie dat sy romans my tog die belangrikste deel van sy oeuvre lyk nie. Sy bundel gedigte (*Les Poésies d'André Walter*) was net 'n „jeugsonde”; sy dramatiese werk, soos *Le roi Candaule* (Koning Candaule, 1901) of *Saül* (1904), behoort seker nie tot die beste toneelstukke van hierdie eeu nie, terwyl sy *Journal*, hoe boeiend dit soms ook mag wees en hoe belangwekkend vir die kennis van Gide en sy tyd, g'n egte letterkundige werk is nie. Maar *L'Immoraliste* (1902) is ongetwyfeld 'n persoonlike roman, *La Porte étroite* (Die noue poort, 1909) en *La Symphonie pastorale* (1919) psigologiese romans, *Les Caves du Vatican* (Die kelders van die Vatikaan, 1913) 'n soort avontuurroman, *Les Faux-monnayeurs* (Die valse munters, 1925) 'n sederoman, *Si le Grain ne meurt* (As die saad nie sterf nie, 1920) veel meer 'n outobiografiese roman of bekentenis as memoires; *L'Ecole des Femmes* (Vroueskool, 1929), *Robert* (1930) en *Geneviève* (1936), waar vrou, man en dogter elkeen hulle lessing gee oor eenselfde huweliksverhouding, is weer psigologiese romans.

Hiermee is die opsomming van Gide se werk glad nie uitgeput nie. Boeke of verhale wat essensieel is vir sy lewensbeskouing, soos *Les nourritures terrestres* (Die aardse voedsel, 1897) of *Le Retour de l'enfant prodigue* (Die terugkeer van die verlore seun, 1909), het ons hier nog nie vermeld nie. Ewemin het ons dan die beskrywings van sy reise na Midde-Afrika genoem (*Voyage au Congo*

en *Retour du Tchad*, 1927, 1928), sy ontgoëerde ontleiding van die kommunistiese lewe in die Sowjet-unie (*Retour de l'U.R.S.S.* en *Retouches à mon Retour de l'U.R.S.S.*, 1936 en 1937) en sy verdediging van die homoseksualiteit (*Corydon*, 1911) in 'n oplaat van 12 eksemplare!

Elk van hierdie werke is baie karakteristiek en kan ons help om met 'n paar trekke 'n beeld van Gide te skets. „Ek het die tuiste, die familie, al die plekke waar die mense rus meen te vind, gehaat — en die voortdurende geneentheid en die vashou aan 'n idee — alles wat die regvaardighedsgevoel in gevaar bring; ek het gesê dat elke nuwigheid ons altyd beskikbaar moet vind”, so laat hy hom in *Les Nourritures terrestres* uit en verkondig daarmee 'n bevryding van die puritanisme van sy protestantse opvoeding en 'n oopstaan vir die onverwagte wat die lewe bied. Op dieselfde manier kry ook die gelykenis van die verlore seun 'n uitbreiding: die verlore seun kom nie berouvol tuis nie, maar gebroke en moedeloos. Sy jong broer, wat Gide as 'n nuwe persoon invoer, sal nou op sy beurt wegloop uit die vaderlike huis om 'n bevryding van sy persoonlikheid te verwerklik waarin die ouer broer nie geslaag het nie! Ek sou onvolledig wees as ek aan die sentrale denkbeelde van „beskikbaarheid” (*disponibilité*) en „bevryding van die individu” nie dié van die gratis handeling (*acte gratuit*) sou toevoeg nie. Vir Gide word ons mens-wees vir 'n beduidende deel gedemonstreer deur die vryheid wat ons besit om motiefloos of belangeloos te handel. So laat hy Lafcadio, die held van *Les Caves du Vatican*, die arme Amédée Fleurissoire uit die kompartement van 'n bewegende sneltrein stoot, net vir die plesier om in iets aktiefs deel te hê.

Laat my egter terugkom na die reisbeskrywings van die negegebiede. Ook hierdie twee boeke het, na my mening, 'n oorwegende betekenis in Gide se ewolusie. Die aanraking met die min of meer uitgebuite negers, met die weelderige natuur van die trop en met die primitiewe maar ongeremde lewe van die inboorlinge het op die denker 'n diepe indruk gemaak en het die individualis André Gide bevry uit sy „ivoortoring”. Daarmee was die grondslag gelê vir sy bekering tot die kommuniste enkele jare later. Die geskiedenis van daardie bekering van die

ondogmatiese skeptikus tot die mees dogmatiese en onverdraagsame ideologie wat ons teenswoordig ken, en van die daaropvolgende, koue ontnguetering na sy reis deur die aardse paradys van die Sowjet-unie, vorm 'n hoofstuk op sigself wat ek hier nie sal behandel nie. Die kredietsaldo van hierdie krisis was 'n sekere sosiale gevoel wat hom eers ontbreek het en wat 'n mens hierna op party plekke van sy *Journal* kan waarneem.

Ook sal ons Gide nooit heeltemal kan verstaan nie, wanneer ons nie rekening hou met sy besondere seksuele instelling nie. *Corydon*, wat hy eers vir 'n dosyn ingewydes laat druk het, is later in duisende eksemplare versprei. In die laaste deel van sy *Journal* (1942-1949) gaan hy selfs so ver om te vertel dat, as hy tot lid van die Franse Akademie sou verkies word, sy eerste daad sou wees om *Corydon* opnuut uit te gee met 'n voorberig waarin hy verklaar dat hy hierdie boekie die nuttigste en mees „serviceable” (Gide gebruik die Engelse woord) vind van al sy geskrifte! So begryp ons beter sy bewondering en vriendskap vir Oscar Wilde, sy voorliefde vir die Griekse Oudheid (bv. *Thésée*, 1946), toe die knapeliefde amper 'n staatsinstelling was, sy uitweidings oor skone manne of seuns of manlike skoonheid en party toespelings wat anders onduidelik sou gebly het.

Ons moet daardie kant van Gide se persoonlikheid maar op die koop toe neem, en 'n mens kan nie ontken nie dat sy anomalie wel 'n sekere spesiale kleur aan sy werk gee, wat ons met 'n bietjie goeie wil dalk 'n bydrae tot sy o o r s p r o n k l i k h e i d mag noem! Origens het dit alles Gide nie verhinder om voortreflike vrouekarakters te skilder nie, soos Gertrude en Amélie in *La Symphonie pastorale* of Alissa in *La Porte étroite*.

In 1947 het André Gide die Nobelprys vir Letterkunde verower, as sewende Fransman in hierdie eeu, en die meeste van sy teenstanders het erken dat hy dit verdien het. Sy invloed op die jongste geslag in Frankryk is geweldig groot, seker ewe groot as dié van die nasionalistiese skrywer Maurice Barrès op die jeug vóór die eerste wêreldoorlog. Die tydskrif *La Nouvelle Revue Française*, wat Gide in 1909 opgerig het, het daartoe baie bygedra. Om één voorbeeld te noem: 'n mens kan die „lebensbeja-

hende" humanisme van 'n Antoine de Saint-Exupéry, die beroemde skrywer-loods, moeilik sonder Gide se „bevrydende" inwerking verstaan. Na die vrywording van Wes-Europa, in 1944 en 1945 het die denker, soos gesê, weinig meer geproduseer, maar daardie weinige loon darem die moeite om met aandag gelees te word. Die antieke vertelling van *Thésée* is 'n meesterstukkie van vertelkuns en gee in die beskrywing van die eggenoot Theseus 'n oulike teenhanger van die eggenote *Phèdre*, Racine se tragiese heldin. Die laaste bladsye van die *Journal*, wat in 1950 verskyn het, toon ons 'n lesende en nadenkende balling in Noord-Afrika, gedurende die tweede wêreldoorlog, en hulle is volkome opreg en eerlik in hulle aarseling en hulle beskouings oor mense en dinge in oorlogstyd.

Net soos Voltaire in die laaste jaar van sy lewe, in 1778, nog na Parys gekom het om daar die triomfantelike opvoering van sy tragedie *Irène* te aanskou en self gehuldig te word, so het ook Gide die vorige jaar, eweneens aan die end van sy lewe, die vreugde gesmaak om sy *Caves du Vatican* in die Comédie Française, die grootste Paryse teater, te sien opvoer in 'n toneelbewerking van homself. Menige aand was die skrywer persoonlik aanwesig in sy loge en het gaandeweg die stuk nog verder bewerk en verbeter, en daarmee sy beste toneelstuk geskep. Kort nadat ek self die opvoering nog kon sien en waardeer — daar is beweer dat dit slegs 'n reeks taferele en nie 'n drama was nie —, is André Gide op 19 Februarie 1951 in sy klein kamer van die Rue Vaneau oorlede, ongelowig, maar berustend, soos dit 'n wysgeer betaam.

# *Des Bates . . . . Loods*

*deur P. D. Swart*

Al die leerlingvlieëniers wat saam met Des Bates op dieselfde kursus was, sou jou vertel dat hy 'n roekelose vlieënier was. Sommige van die werktuigkundiges sou dit ook beaam het. Hulle het bewyse daarvoor gehad. Het Des Bates dan nie al teruggekom met klein takkies en blare in die enjin van sy Miles Master-vliegtuig nie? Het hy nie een keer teruggekom met die punte van die sterk metaalskroef effens gebuig nie? Dit lei 'n mens net tot een gevolgtrekking: Leerlingvlieënier Bates het hom skuldig gemaak aan die baie gevaarlike tydverdryf van baie laag oor die grond te vlieg. Om laag te vlieg, is 'n oortreding, tensy jy spesiale magtiging van jou instrukteur of vlugkommandeur het. Selfs dan mag jy nie so laag oor die grond vlieg as Bates gedoen het nie. Meer as een persoon het vir 'n lang periode, of nooit weer, die voorreg gehad om 'n vliegtuig te loods nadat hulle op so 'n oortreding betrap is nie. Maar Des Bates het ook so 'n tikkie geluk as aandeel deur sy loopbaan gehad. Die werktuigkundiges het nie gaan kla nie, en hy het nog maar gereeld met die geel Miles Master in die blou lug opgestyg.

By die ander vlieëniers was Des Bates ook dikwels 'n onderwerp van bespreking. Klein Ben Pieterse, sy kamermaat, was op een geleentheid besig om die woord te voer. Ben was nie vér oor die vyf voet lank nie, en sy bene was so dun dat 'n mens gewonder het hoe hy ooit die roeierpedaal van die vliegtuig kon intrap. Tog was hy 'n bekwame loods.

„Ja-nee,” het Ben gesê, „Bruce en Janse was die eerste twee wat verongeluk het, maar Bates is die volgende.”

Hy beduie met sy hande. „Man, is sy kop dik! Die enigste ding wat hy oor kan praat is Des Bates, Des Bates en Des Bates. Hoe 'n wonderlike loods Des Bates is! Hoe verlief al die meisies op Des Bates is! Hoe baie Des Bates kan drink sonder om dronk te word! Hy sit vir ure en vertel hoe hy onder die telegraafdrade deur gevlieg het. Dan weer hoe hy die water met 'n boog laat staan het toe hy so laag daaroor gevlieg het. Dan weer hoe die kaffers wat op die mielielande staan en skoffel platgeval het toe die Miles Master so laag oor die mieliesate gekom het dat die stukkies wat deur die skroef afgeslaan word, deur die lug trek. En die perfekte rol wat hy gedoen het! En die seepgladde driepuntlanding wat hy gedoen het! En wat hy aan die Duitse loodse sal doen, en die arme Aitaais! Hy maak my wragtig siek.”

„Maar vlieg kan hy, dit is so seker as wat! Ja, hy is 'n gebore vlieënier,” meen 'n ander.

Hierdie bewering sou niemand betwiss nie, want dit was die waarheid. Van almal op die kursus was hy maklik die beste loods, ja verreweg. Selfs nie eens Des Bates se grootste vyande sou dit probeer ontken nie.

„Ek sê vir jou een ding, en dit is dat hy gans te veel suip.” Dit is weer Ben Pieterse met sy ernstige skerp meerkatgesiggie. Nou die aand het hy bloot vir die pret, terwyl hy vir my van sy prestasies vertel het, nege kwarte bier uitgedrink.”

„Ja-nee, dit is rof,” meen een van die ander lede van die kursus.

Toe sien hulle Des Bates aankom en hou die geselskap op.

Die dag het uiteindelik aangebreek waarop die jong loodse die begeerlike vlerkies op hulle uniformbaadjies vasgesteek sou kry. Alles het geblink en geskitter. Aan die end van die verrigtinge het hulle wegmarsjeer en het 'n militêre orkes „Auld Lang Syne” gespeel. Hoeveel van hierdie mooi jong seuns sou terugkeer nadat hulle hulle vaderland verlaat het, het sommige van die toeskouers gewonder. En party is hewig aangegryp deur die stemming van die geleentheid en die musiek, en hulle oë het vol trane geskiet. Daar was benewens trots ook weemoed op hulle gesigte.

Beide Des Bates en Ben Pieterse is ná die verstryking van hulle verlof na 'n kusdorp verplaas. Daar sou hulle bly totdat die eskaders bo in Noord-Afrika weer vra na vegterloodse. In die tussentyd sou hulle vliegtuie na verskillende vlieghawens in die binneland neem waar hulle dan vir oefeningvliegtuie gebruik sou word.

Een heerlike someroggend het Des en Ben in twee splinternuwe Miles Master-vliegtuie vanaf die kusdorp na Pretoria vertrek. Des was in 'n opgeruimde en waaghalsige stemming. Sy hand het telkens liefderik op die petrolhefboom gerus. Hy het liggies met die stok gespeel. Na omrent 'n uur se vlieg wys hy vir Ben met sy hand onder na die grond toe, dan duik hy soos 'n koeël na onder. Vér onder sien Ben sy vliegtuig wat nou na 'n modelletjie lyk. Dan stoot hy die stok so vinnig vorentoe dat hy 'n paar duim uit die sitplek gelig word. Hy hou die neus op 'n skerp hoek grond toe. Hy sak en sak. Groen lande en bome word groter en duideliker. Hulle lyk asof hulle opstyg om hom te ontmoet.

Uiteindelik bereik Ben hom en vlieg 'n ent al agter hom aan. Mag, maar die vervlakte vent vlieg laag! Maar hy sal hom wys! Hy sal by hom bly. Soos blits beweeg die grond met allerhande voorwerpe hier onder en langs sy vlerke verby. Windpompe, beeste, riviere, lande en plantasies skiet hy oor of verby. Mense waai soms vir hulle, troppe vreesbevange diere spat woes uitmekaar as die groot voëls donderend oor hulle verby skiet. Daar draai Des Bates feitlik die vliegtuig op sy sy om tussen twee wilgerbome deur te kom. Ben byt op sy tandé. Bates kan hom nie skrik maak nie. Hy wil ook daar deur al bars hy. Hy trap die linkerroeierpedaal in en trek gelyktydig die stok met 'n gladde beweging na die linkerkant toe oor. Die vliegtuig skiet soos 'n pyl tussen die bome deur, en vir 'n oomblik sien hy uit die hoek van sy oog die groen wilgertakkies skuins bokant sy kop.

Des Bates is in sy element. Daar lê 'n glimlaggie op sy lippe. Hy probeer ook nie 'n uitdaging rig tot Ben met sy toertjies nie. Hy het Ben so-te-sê vergeet en al was hy ook alleen sou hy geensins minder gewaag het nie. Hierdie is die lewe vir hom! Vol selfvoldaanheid kyk hy deur sy dik vliegbril na die grond so naby onder hom.



W. H. Coetzer: SEUNSKOP IN OLIEVERF  
(Patscha van den Heever)



Hulle vlieg nou in 'n soort vallei op. Dik wit wolke lê laag bokant die grond, en sak steeds laer. „Vervlaks,” dink Des, „wolke net in die vallei. Buite is nikks.” Hy sit 'n oomblik en huiwer, in twyfel of hy deur die wolke sou opskiet of nie. Toe sien hy die swart ysterklipkoppie vlak voor hom. Soos 'n besetene gryp hy die stok en trek dit geweldig agtertoe. Dit voel of 'n vrag lood op sy maag lê en hom platdruk, of sy oë wil uitpeul en die vleis van sy gesig ondertoe afgetrek word. Die koppie val onder hom weg, en die vliegtuig verskyn soos blits bokant die wolke en skiet nog hoër die blou lug in.

„Net betyds,” sug hy hardop.

Ben Pieterse het ook die groot harde klippe hier voor hom gesien. Wild het hy die regterkantse roeierpedaal ingeskop, die stok in een beweging agtertoe en so ver as moontlik regς oorgestoot.

Toe Des Bates sien dat Ben nie bokant die wolke uitkom nie, en ook nêrens waar die wolke ophou nie, het hy weer hoogte verloor en hom gaan soek. Oor 'n groot oppervlakte het hy stukke Miles Master sien lê. Stadig en stadiger het hy laer en laer afgesak totdat hy die groot swaar enjin sien lê het, en vlak daarnaas 'n klein donker hopie. Hy kon die swart vlieghelmet sien en die valskeerm waar 'n stuk sy uitgekruip het, maar nog gelyk het asof dit aan dieloods vas is. 'n Stoflaag het nog bokant die grond gehang. Links sien hy 'n plaashuis en ook mense wat aangehardloop kom. Hier kon hy nie land nie, dus het hy hom maar na die volgende vliegveld gehaas om hulp in te roep.

Des Bates was weereens gelukkig. Sy verskonings van „verdwaal” en „lae wolke” en „geen gevaar as Pieterse opgelet het nie” het hom gehelp by die ondersoek na die ongeluk. Geen stappe is teen hom gedoen nie.

\* \* \*

Toe twee loodse wat aan dieselfde kursus as Pieterse en Bates behoort het, mekaar in die koffiekamer op Johannesburg ontmoet het, het hulle oor die vliegongeluk gesels.

„Tog eienaardig dat Pieterse, wat so seker was dat Des Bates die volgende een op die kursus sou wees wat die emmer skop, tog self eerste dood is.”

„Ja,” beaam die ander een, „en daar is geen twyfel dat Bates sy dood veroorsaak het nie. Hy het gaan laag vlieg, en Ben agterna. Tog jammer van Ben, hy was 'n witman!”

„Miskien beter so. Die woestyn sal nie sy bene kry soos ons s'n nie.”

„Ag ou pessimis,” lag die ander. „Jy sal nog van ouderdom in jou verebed doodgaan.”

\* \* \*

„Ou swaer,” en 'n jongloods klop vir Des Bates op die skouer, „wat is die fout? Jy sit die hele week al in daardie hoek en suip. Jy praat niks, hoor niets en die drank stroom by jou in soos by 'n spons. Jy was ook nog nie eenmaal die week uit die kamp nie. En magtig, wat drink jy! Baberton Specials? Wil jy gou doodgaan?”

Maar sy antwoord het hy veel later daardie aand gekry, toe Des Bates beneweld was van al die drank, en nie meer die begeerte kon onderdruk om hom teen iemand uit te praat nie.

„Ek is in 'n helse gemors, ou maat. Man, ek het mos met 'n ander meisie begin peuter, jy weet daardie een wat ons die nag op die dans ontmoet het? Toe jy nie op jou pote kon staan nie. Nou-ja, daar is nou fout met haar. Nou wil sy hê ek moet met haar trou. Ek sê toe: ,Weg is jy.' Sy ken my verloofde en draf toe soontoe. Toe ek by my verloofde kom, sê sy ewe ysig: ,Des Bates, jy is 'n vark. Loop en gaan trou met Trixie. Ek hoop julle kind sal 'n beter karakter as sy vader hê!' Toe huil sy asof haar hart flenters is. En ek wil haar hê. Sonder haar beteken die wêreld vir my niets. Hierdie ander vroumens wil ek nie sien nie! En die ander een bel gereeld op en sê: ,Trou, of hof toe!' Ek antwoord nie eers meer die telefoon nie.” Sy vingers speel misnoedig met sy glas.

Sy vriend neem eers 'n groot sluk en sê toe: „Simpatie. Ja wraggies, dit is 'n penarie. As jy net gou kon weg Noorde toe.”

Later daardie aand skiet 'n Harvard-vliegtuig met sy kenmerkende, deurdringende skreeudreun van die grond af op, die naglug in.

’n Paar loodse wat nog in die menasie gesit en kaartspeel het, kyk verbaas op.

„Nou wat die joos? Wie sou nou vlieg?”

„Maar niemand behoort vanaand te vlieg nie. Daar is ook geen lampe op die vliegveld nie.”

Die nuus versprei gou en verwek opspraak.

Hoog bo sit Des Bates in sy Harvard. Teen ’n gematigde spoed vlieg hy in groot sirkels. Dan kyk hy in die rigting waar Ethel se huis is. Ethel, sy verloofde. Ethel wat vir hom nou vir altyd verlore is. Besluiteloos sirkel hy rond. Langsaam begin hy beter te voel. Hy het geweldig baie gedrink, en hy voel weer vry hier bokant die grond. Hy is nie bang nie, hy, Des Bates. Alles sal regkom. Hy lag hard en uitdagend. Hy sal hulle wys. Terwyl hy nou hierbo is en tog in die moeilikheid gaan raak, kan hy nou maar hierdie vlug die moeite werd maak. Hy sal ’n bietjie laag op ’n paar plekke afduik sodat die mense binne-in letterlik platval van die vrees. Hy sal by Ethel se huis begin. Van die stad se liggies is daar nie veel te sien nie, weens die gedeeltelike verduistering as oorlogsmaatreël. Maar hy weet presies waar die gebou is, op die uithoek van die dorp en omring deur groot bome. Hy loods sy vliegtuig in daardie rigting, en as hy seker van sy saak is, stoot hy die stok vorentoe. Vinniger . . . vinniger duik hy totdat hy vlak bokant die dak is, en stoot dan die petrolhefboom oop. Met ’n geluid soos dié van ’n alarmfluit baie male versterk, klim die vliegtuig die lug in. Hy herhaal die toertjie. Dan duik hy op die menasie af en lag as hy sien hoe ligte orals oor die kamp aangeslaan word. Dan weer op die middestad af, op die hotelle, die dansklub, op die strand . . .

Toe hy weer oor die vliegveld vlieg, merk hy dat ’n ry ligte neergesit is, alles in gereedheid vir hom om te kom land. Nogal besorgd oor my, dink hy. Hy kyk na sy petrometer en besluit om sommer dadelik te gaan land.

Hy maak ’n perfekte landing, van die soort landings wat Des Bates altyd maak. Toe hy die vliegtuig tot stilstand bring, is die Bevelvoerende Offisier ook by met sy kar. Agter hom aan stert die adjudant.

Die Bevelvoerende Offisier wip, ten spyte van sy gewig, op die vlerk, en laat die lig van sy flits op dieloods se gesig val.

„Is dit jy, Bates? Klim uit, jou gek! Klim uit! Jy is onder arres! Klim in die kar!” Hy skreeu so hard as hy kan, en is so kwaad en opgewonde dat hy byna staan en dans op die vlerk. „Jou maniak! Jou idioot, jou dwaas, dikkop, jou . . . jou . . .”

Des Bates klim in die kar en word onder strenge arres en toesig geplaas.

Nou begin 'n moeilike periode vir hom. Die hele dag het hy feitlik niks om te doen nie. Jy kan tog nie elke sekonde van die dag lees nie. Die offisiere wat hom moes oppas, een op 'n keer, was nou wel vriendelik, maar vir hulle geselskap raak 'n mens ook moeg. Boonop kry hy ook so-te-sê niks om te drink nie, en mag hy sy kamer natuurlik byna nie verlaat nie. Dan gaan hy ook nog gebuk onder die vooruitsig dat hy vir jare, of miskien nooit weer sou kan vlieg nie. En hy verlang so na die uitgestrektheid en onbeperktheid van die lug daarbo.

Van Trixie het hy 'n brief ontvang. Hierdie keer het sy mooi gepraat, gevra dat hy haar moet liefhê. Dit sou soveel vir hulle albei beteken . . . en die kindjie ook. Met walging in sy siel frommel hy die brief op. Wat sou hom tog makeer het om ooit naby die vroumens te kom! Dan hunker sy hart na Ethel met haar pragtige postuur en gesig. As 'n mens maar kon doodraak miskien. Doodgaan, en Ethel? As sy ook saam kon sterf ja, dan sou niemand anders haar ooit kon hê nie.

\* \* \*

Hoe Des Bates die vliegtuig uit die hangar gekry het, was nog steeds 'n geheim. Iemand moes hom gehelp het, maar wie hierdie persoon of persone was, het Des alleen geweet. Maar Des sou nie praat nie, dit het almal geweet.

\* \* \*

Op Oukersaand het Des Bates genoeg gekry om te drink. Daarvoor het sy wag gesorg. Maar die jongloods kon dit nie byhou by al die drinkery nie. Hy was gans te groen. Om elfuur snork hy lustig, in volle uniform op die bed

uitgestrek, sy hare oor sy voorhoof en sy mond wydoop. Miskien het hy gedroom van sy ouers op hulle uitgestrekte Hoëveldplaas.

Des Bates staan op en loop by die deur uit. Hy voel wild en koorsig, dis of sy kop effens draai. Dan begin hy hardloop. 'n Halfuur later verlaat 'n vliegtuig die donker vliegveld.

In die menasie-gebou was dit ene bedrywigheid. 'n Groot dans was aan die gang. Vir 'n oomblik is die musiek stil, en is slegs die gedreun van dosyne mensestemme en nou en dan uitbundige gelag hoorbaar.

Dan is almal eensklaps stil. Hard, harder, en dan donderend hoor hulle 'n vliegtuig op die menasie afpyl. Die dak en saal bewe as dit rakelings oor die gebou gaan met 'n senuweetergende „whaaaa"-geluid.

„Hy kon nie met meer as ses duim gemis het nie," meen kaptein Coetzee.

„Wie is dit? Seker Bates!" sê 'n grapmaker.

Die Bevelvoerende Offisier staan met 'n glas sjampanje in sy hand. Hy is besig om met die hoof van die kus-kommandement te praat, 'n Generaal-Majoor met grys hare.

„Bates? Twak!" sê hy. „Hy is in sy kamer onder arres."

Toe hoor hulle weer die geluid van 'n vliegtuig. Nader . . . nader. Almal staan verstyf. Dit kom so laag oor die menasie dat 'n paar dames hulle mansvriende vasgryp.

„Hemel," kortasem die Generaal-Majoor. „Dit was naby."

'n Jong luitenant hardloop na Bates se kamer en is spoedig weer terug. „Hy is weg!" skreeu hy. „Young lê en slaap!"

Toe skril die telefoon. 'n Oproep vir die Generaal-Majoor. Dit is van die lugafweerafdeling af. 'n Noodoproep! 'n Vliegtuig is besig om verskriklik laag oor die lugafweerkanonne te vlieg, byna in hulle vas. En oor die kuskanonne. Wat staan hulle te doen?

Die Generaal-Majoor is warm van die drank en ontsteld. „Kry die soekligte op hom en skiet hom neer!" beveel hy.

Toe Des Bates die lug in opgestyg het, het hy besluit dat dit sy laaste vlug sou wees. Die mense sou nie weer

aan Des Bates iets kon doen nie. Sy verstand was nou ook helder en koel, beredeneerd.

Maar eers verlaas hierdie Harvardjie laat kraak. Reguit op die menasie af waar hulle die dans hou. Laer, laer . . . op . . . op. Byna te laat! 'n Skerp draai en dan weer af . . .

Waarheen nou? Nou weet hy! Die kusverdediging! Miskien dink hulle hy is 'n Duitser. Hy lag bitter. Was hy tog maar een! Blitssnel duik die ronde neus af. Des steek sy hand uit. Hy sal die nawigasieligte afskakel. Nou sal die rooi liggie op die linker- en die groenetjie op die regtervlerk ook nie meer daar wees nie. Lekker in die donker! Lekker hierbo! Des Bates, 'n koning in die lug!

Laag oor die lang kanonlope verby, 'n woeste draai na links oor die see en weer terug. Toe hy die derde maal oorkom skiet die strale van die soekligte op na hom. Vir 'n oomblik is hy stokblind. Kophou! Nog 'n bietjie laer. Wild roeier aanskop en stok in die teenoorgestelde rigting. Hy is uit. Die strale is bokant hom enregs verby. Hy hou nou eers laag, 'n waansinnige hoogte, en dan klim hy weer op . . . op . . . sodat die stad onder hom wegval.

Stadig sirkel hy weer bo. Ethel se huis! Ja, laat sy sterf saam met Des Bates! Laat die stene en stukke metaal heen en weer deur die lug vlie en hy en Ethel weer verenig word. Hy twyfel nie dat sy vanaand tuis is nie. Hy ken haar, weet sy is daar.

Hy vlieg in 'n geskikte posisie, byt hard op sy tande, trek die neus op, skop roeier aan en trek effens aan die stok, en weereens af . . . af . . . af . . . Die donker kol van die huis en bome, met hier en daar 'n dofverligte venster word groter en groter. Nader en nader . . . Dan sien hy weer daardie mooi gesig . . . die mooi gesig. Nader . . . Nee, sy mag nie sterf nie. „Nee God, nee!” Hy skreeu nou hard. Trek, trek! Hy rem die stok terug. Hy voel asof hy sy bewussyn gaan verloor. Duisende ponde druk op sy liggaam. Sy lippe voel of hulle afgeskeur word. Te laat. Hy is in die huis. Ja hy's in. Dan skuif die Harvard met 'n haarbreedte te spaar oor die dak. 'n Effense ruk. Die wiel onder die stert het geraak. Die

gewig lig van Des Bates af. Hy klim nou stadig, baie stadig.

Vir ongeveer tien minute sweef hy bo rond. Nou is hy yskoud, ja absoluut koel. Geen twyfel meer nie. Hy het besluit. 'n Weemoedige trek kom om sy mond, 'n branderige gevoel kom in sy oë. Hy is op drieduisend voet. Vér onder hom sien hy die vliegveld. Hy herken die rooi liggies op die hangars.

Des Bates word doodsbleek. Hy voel die sweet op sy voorkop pêrel. Hy voel vreeslik naar. Dan byt hy op sy tande, trek die glasbedekking bokant sy kop toe en druk die stok vorentoe.

„Whaaaa” . . . skreeu die Harvard asof in luide protes omdat die enjins so baie omwentelings per minuut moet maak. En weer „whaaaa” . . . Toe tref die Harvard die grond . . .

# *Gerhart Hauptmann*

*deur M. R. Breyne*

Die groot Duitse digter Gerhart Hauptmann, wie se dramas soos „Die Weber,” „Der Biberpelz,” „Die Versunkene Glocke” en ander in die laaste halwe eeu in alle skouburge van die wêrld opgevoer is, het op 6 Junie 1946 in die Silesiese dorp Agnetendorf heengegaan. Hoe roemryk ook Hauptmann se lewe, so tragies was sy einde, vyf jaar gelede, kort na die verplettering van sy vaderland.

En hoe verder weg sy sterfdag in die geskiedenis versink, hoe duideliker word sy plek as dramaturg. Die hoogtepunt van sy digterlike skeppingswerk het saamgeval met die bloeityd van die moderne Silesië. Maar ook sy heengaan het saamgeval met Silesië se ondergang.

Sedert die magsontplooiing van Pruisie was daardie provinsie die sogenaamde „dienares van Berlyn.” Sedert 1860, Hauptmann se geboortejaar, het die dienares die kleed van die heerskappy self aangetrek en met gelyke regte in die familieraad van die Duitse steenkoolmyne, sinkfabrieke, kuuroorde plaasgeneem. Ook die wêrld het hom met die amper onbekende digkuns begin besighou, en dit is sonder twyfel aan Gerhart Hauptmann te danke, wie se naam simbool van die skitterende wedergeboorte van sy Silesiese geboortestreek geword het. Sy heengaan na 'n lang en roemryke lewe val tewens weer saam met die onbegryplike ramp wat daardie deel van Duitsland getref het.

Hauptmann se aanwesigheid in Silesië na die kapitulasie van Duitsland, was die moeilikste probleem vir die nuwe maghebbers, die Russe. So berig Gerhart Pohl, die biograaf van die groot digter, wat getuie was van Hauptmann se

laaste ure in Agnetendorf. Hulle het goed geweet watter groot mag die gebroke grysaard in sy huis „Wiesensteine” besit het. „Geen haar van sy hoof sal aangeraak word en hy sal geen bekommernisse hê nie,” het 'n Russiese offisier destyds gesê, en dit het ook so gebeur. Die Russe het die Poolse heersers verhinder om Hauptmann enige leed aan te doen. Sy teenwoordigheid in Agnetendorf het nie alleen gehelp om vriende in die dorp, maar selfs die hele digbevolkte landstreek van die „Riesengebirge” te beskerm. So het die veroweraars die ontwortelingswerk in Silesië nie so radikaal deurgevoer soos byvoorbeeld in Wes-Pruise en in Pommere nie.

Maar hoewel geen haar van sy hoof aangeraak is nie, het die honger en ellende, die groot verdriet en die innerlike verset die grysaard gebreek. Die onsekere beskermmaatreëls was nie in staat om daardie ellende ook van Hauptmann te weer nie, sodat sy siel ten laaste daaronder beswyk het. Nooit sou hy vrywillig sy huis en sy streek verlaat het nie. Toe hy in April 1946 aan die Russiese kolonel Sokolow belowe het om te trek, was sy woorde profeties. Hauptmann het gesê: „Ja, ek sal die ‚Wiesensteine’ verlaat, voete eerste; u verstaan my.”

En so het die gevierrede Duitse digter, die 84-jarige Gerhart Hauptmann, daardie Juniedag getrek, maar nielewend nie, sy lyk toegesoldeer in 'n dookkis van sink.

Op 29 Mei het hy in 'n klein Bybeltjie wat hy sedert sy jeug by hom gedra het, die woorde uit die tweede brief aan die Korinthiërs onderstreep: „En hy was opgetoë in die Paradys en het heerlike woorde verneem, wat geen mens kan uitspreek nie.” Twee dae later het die grysaard longontsteking gekry en op 3 Junie het hy sy laaste woorde gespreek. Dit was geen nalatenskap van 'n groot kunstenaar, geen beroep op die wêreld, geen woorde aan sy naasbestaande nie, net die beskamende angsvervulde vraag, wat sy hele sieletoestand verraai het: „Is ek nog in my eie huis?”

Daardie woorde het 'n man uitgespreek wat nie net sprekend op die groot Goethe gelyk het nie, maar wat waarlik in die Duitse letterkunde die plek van die groot meester uit Weimar ingeneem het.

Op 6 Junie, 10 minute na drie uur in die namiddag, het een van die grootste digters van ons tyd sy lewe beëindig met die gevoel dat hy nie meer 'n eie tuiste besit nie.

Opvallend is die teenstrydighede in die lewenslot van Gerhart Hauptmann. Nie die aarde van Silesië, waaruit hy sy digterlike werk geput het, dek die dode nie, maar die seesand van 'n verlate eiland aan die Oossee, Hiddensee, waar hy vroeër baie graag in die somer vertoeft het. Sy natalenskap lê nog verstrooi in honderde kiste, oor die hele Europa, in Berlyn, in Beiere, in Switserland. Die digter se tuiste, die „Wiesenstein” staan nog leeg en dood, temidde van die verlate Silesiese berge. Haas geen Duitser het dit weer aanskou nie. Daardie huis wat 40 jaar lank getuie was van die heerlikste festyne van die gees wat 'n meester die mensdom geskenk het.

Die digterlike werk van Gerhart Hauptmann, wat in 1862 as seun van 'n hotelbesitter in Silesië gebore is, is so omvangryk, dat ons hier net op 'n paar hoogtepunte kan wys. Die lewenspad van die digter het baie hoogtes en laagtes gehad. Van sy skooltyd af te Breslau oor sy pogings om beeldhouer te word, tot sy reis na Rome, daardie bittere jare vol ontgoëling en honger, het hy uitvoerig in sy boek „Die Avonture van my Jeug” (1937) geskilder.

Die eerste besieling tot sy naturalistiese digwerk het Hauptmann ontvang toe hy na sy eerste huwelik in 1885 te Erkner, 'n klein grensstad van Berlyn, aansluiting gevind het by die Berlynse skrywerskring, waaraan die filosowe Bruno Wille en Willem Bölsche, die digterbroers Julius en Ludwig Hart en die bekende woordkunstenaar Arno Holz behoort het. Selfs met die apostel van die Sosialisme, August Bebel, het die jong Hauptmann destyds bekend geword. Uit daardie tyd dateer sy eerste sosiale dramas soos „Die Weber” en „Die Biberpelz.” Byna 24 jaar het ek self in die buurt van Erkner en Friedrichshafen in die ooste van Berlyn gewoon en het enkele van die lede van daardie beroemde skrywerskring, soos Julius Hart en Wilhelm Spohr, die vertaler van Multatuli se werke, nog geken.

Die persone uit Hauptmann se sosiale dramas is

weerloos-lydende mense — slagoffers van donker magte — wat die krag verloor het om hulle self te kan vorm en wat aan hulle eie wesensaard te gronde gaan. Op grond van sy eie ervarings het Hauptmann die aanklaer van 'n sterwende burgerlike wêreld geword.

'n Groot verrassing was 1895, die verskynning van sy dramatiese droomgedig, „Hanneles Himmelfahrt.” Die tragiek van die armoedige lewe, van die arm mense in Silesië, word in hierdie stuk opgehelder deur die innerlikheid van Hannele se visioenêre droombeeld op haar sterfbed. In die digter se siel het steeds die drang na lig en versoening geleef. Iets wat in die aardse lewe nooit werklikheid kan word nie. En om daardie rede het Hauptmann na die droomwêreld gegryp.

'n Ander hoogtepunt in sy digterlike werk is „Die versunkene Glocke” wat in 1896 verskyn het. Hiermee verlaat Hauptmann die naturalistiese uitbeelding van ellende en armoede en sluit hom aan by die visioenêre stemminge van die sogenaamde „nuwe Romantiek.” Hierdie stuk behandel die tragedie van 'n kunstenaar, hier 'n klokgieter, wie se kunswerk, die klok, deur kwaadaardige geheime magte in die meer versink. In wanhoop verlaat hy vrou en kind om in hoëre sfere 'n nuwe kunswerk te skep. Maar die wroeging bring hom weer terug onder sy mense in die dal, waar hy nou egter met geskimp en gehoon bejeën word, sodat hy hom ontnugter weer in sy bergwêreld terugtrek om daar sy dood te vind.

Die eerste wêreldoorlog het op Hauptmann 'n diep indruk gemaak. Hy het dit as 'n groot beproeing beskou en vir die geteisterde mensdom medelye gevoel: Hy het verwag dat daardie vuurproef, die innerlike wedergeboorte, tot vryheid en menslikheid sou lei. Sy werke soos „Der weisse Heiland” wat in 1920 verskyn het, het heel besonder daardie probleem van die wedergeboorte van die mens behandel.

Maar in die laaste jare van sy lewe het Hauptmann soos Goethe begin om sy eie lewe in die spieël van die geskiedenis te beskou. In 'n sestal biografiese werke het hy die kronkelpad van sy lewe met sy hoogtes en laagtes neergeskryf. Die merkwaardigste daarvan is seker die

„Buch der Leidenschaft,” wat in 1929 verskyn het en waarin hy baie openhartig oor sy eie huwelikstryd berig.

Die digterlike werke van Gerhart Hauptmann is geweldig. Honderde stukke, sowel dramas, liriese en epiese digwerke, romans en kortverhale het gedurende sy lang lewe die lig gesien en in sy nalatenskap is nog talle ander manuskripte en dokumente. Hoe veelsydig sy onrustige strewe, wat nooit 'n volledige oplossing gevind het, ook was, tog het hy tot rigsnoer van sy hele werk die natuurwet gekies: „dat die lewe net leed is.” Sy handelwyse was ook steeds op daardie diepe erkentenis gegrond. Die twee vernaamste kenmerke van sy werk is: „menslikheid en medelye.” Gerhart Hauptmann het die hoogste roem verwerf wat 'n digter kan bereik. Hy was erelid van talle hoë akademies; eredoktor van Leipzig en van Oxford.

Sy vriend en biograaf, Gerhart Pohl, berig oor die hartroerende afskeid van die „Wiesensteinn“<sup>\*)</sup>:

Die rouplegtigheid het op Pinkstersondag in die groot werkskamer plaasgevind. Gerhart Hauptmann was, volgens sy wens, gekleed in 'n bruin monnikskap met wit gordel. In sy wondermooi hande het hy die Nuwe Testament vasgehou. Onder sy kop het „Der grosse Traum” (die groot Droom) gelê in die heerlike luukse-uitgawe wat Anton Kippenberg vir sy 80e verjaardag laat maak het. Op sy hart het 'n sakkie gerus met Silesiese aarde . . . Agter die doodkis het die Florentynse Engel uit die voorportaal van die „Wiesensteinn“ gestaan, omring van heldergroen dennetakke uit die park. Plante deur Hauptmann self nog geplant, het sy dodebaar getooi. Frau Margarete het geleun teen die skryftafel ter syde van die doodkis. Sy was heeltemal in wit gekleed en het volkome eensaam gelyk.

Die rougeselskap het uit omtrent 60 mense bestaan; daaronder die hier nog aanwesige huisvriende en enkele ou medeburgers van Agnetendorf. In opdrag van die Poolse Regering het 'n filologieprofessor baie kundige en waarderende woorde gesprok. Hy het egter, al was hy voldoende Duits magtig, sy toespraak in Pools gehou, wat in hierdie Silesies-Duitse digterhuis 'n skokkende

<sup>\*)</sup> In „Westermann's Monatshefte,” Braunschweig, H.3, 1951/52, bl. 80, 81.

indruk veroorsaak het. Daarteen het die Russiese Kolonel in Duits gepraat.

Later is die sinkdoodkis toegesoldeer en het amper ses weke in die „Wiesenstein” gebly, tot eindelik op 18e Julie die beloofde spesiale trein ter beskikking gestaan het.

Twee passasierwaens wat nog baie spore van die oorlog gedra het, en agt vuil goederetrokke, waarvan een Gerhart Hauptmann se stoflike omhulsel bêre, het langs 'n groot omweg oor Bolkenhain, Liegnitz en Sagan, na die Neisse-grenslyn gerol, deur 'n verwoeste en onbeboude streek. Een Russiese luitenant en ses Poolse soldate het die trein begelei om hom teen oorvalle te beskerm. Douvoordag het ons Teupitz by Forst bereik. Die oponthoud het tot die middag geduur. Dan het die trein oor die Neissebrug gerol, aan die kameras en mikrofone van die hele „wêreld” verby, wat 20 uur op die stasie van Forst moes uithou.

Van Berlyn is die doodkis na Stralsund vervoer. Die offisiële rouplegtigheid het in die Gotiese raadhuis plaas gevind. Daarna het die reuse-begrafnisstoet, waaraan die hele bevolking deelgeneem het, na die hawe getrek. Op 28e Julie, kort na sonop, is Gerhart Hauptmann op die lieflike kloosterkerkhof van Hiddensee in die graf gelê.

Aan die verlate strand het Gerhart Pohl dan die woorde neergeskrywe: „Gestaltes soos hierdie is die wêreld se kosbaarste geskenk aan homself, sodat die mythos van die mensegrootheid altyd weer voedsel mag vind . . . ”

Ons wil afskeid neem van Gerhart Hauptmann met daardie woorde wat hy in Februarie 1945 ná die verwoesting van Dresden geskrywe het:

„Wie vergeet het om te ween, die leer dit weer ten aansien van Dresden se ondergang — daardie skitterende môrester uit die dae van ons jeug wat tot nou toe sy lig aan die wêreld geskenk het. Ek weet dat in Engeland en Amerika goeie geeste nog voorhande is, vir wie die goddelike lig van Rafael se Madonna nie vreemd was nie en wat ten diepste en smartelikste getref deur die uitdoof van daardie ster, nou ween! En ek het Dresden se ondergang onder die hellevure van die Sodom en Gomorra van die vyandelike

vliegtuie persoonlik beleef. As ek die woord „beleef“ gebruik, dan skyn dit my nou nog 'n mirakel. Ek beskou my nie belangrik genoeg om te glo dat die noodlot my daardie gruwelikheid huis op daardie plek, daardie dierbaarste deel van my wêreld, met opset gespaar het nie. Ek staan aan die lewe se uitgangspoort en ek beny al my dooie geesteskamerade, vir wie daardie gebeurtenis gespaar gebly het.

„Ek ween! . . . 'n Mens moenie aan daardiewoordjie ‚ween‘ aanstoot neem nie. Die grootste helde van die antieke wêreld, daaronder Perikles, het hulle daarvoor nie geskaam nie. Vanuit Dresden, van sy kostelik gelykmatige kuns liefde op die gebied van die musiek en die woord, het heerlike strome deur die wêreld gevloei, en ook Engeland en Amerika het dorstig daarvan gedrink. Het hulle dit vergeet?

„Ek is amper 83 jaar oud en staan voor God met 'n nalatenskap, wat jammerlik magteloos is en net uit die hart opwel: dis die bede: Mag die Here die mense nog meer liefhê, hulle louter en verheerlik, meer as wat dit tot nou toe die geval was.—Agnetendorf, Februarie 1945.“

# *Ewewigtige Komposisie of Verwringing?*

deur W. H. Coetzer

Twee jaar gelede het ek die geleentheid gehad om Engeland en die Vasteland te besoek. Oral was die verniel-sug van die mens nog te sien en die gevolge van 'n pas afgeloepen, verwoestende oorlog.

Ruïnes, rommel, 'n puinhoop van wat eenmaal mooi kerke, indrukwekkende geboue, kastele en brugge was, dit het soos chaos gelyk, iets tragies om na te kyk, en tog uit al hierdie wanorde en ineenstorting het skeppende kunstenaars uiters interessante werke gelewer in die beeldende kunsse, in die letterkunde en die musiek.

Hierdie „modelle” wat die kunstenaars geïnspireer het, was seer seker nie wat 'n mens „mooi” modelle kan noem nie, en nogtans het hulle kunswerke uit hierdie stof gelewer.

Die Bybel leer ons dat God die mens na sy eie beeld gemaak het. Hy het ook die natuur geskep en albei was goed en mooi — met ander woorde: aan ons is pragtige „modelle” gegee om ons te besiel en waarvolgens ons kan werk.

As 'n kunstenaar sulke boeiende werke kan skep uit die rommel van „lelike modelle,” hoeveel te meer behoort hy nie wonderwerke te kan lewer met mooi modelle tot voorbeeld nie?

Maar hoe reageer die ultra-moderne skilderskool ten opsigte van hierdie Godgegewe modelle? Gaan kyk maar net na so 'n ultra-moderne uitstalling, en sien hoedat die pragtige liggaam vermink word. Die kop (as 'n mens dit so iets kan noem) is 'n misvormde gedoente, of in verf, of in hout, of in marmer, of in brons.

Dit is nie altyd aan die gebrek aan kennis van die anatomie te wye dat hierdie werke so lyk nie, maar in baie gevalle is dit bloot die moedswillige verdraaiing, verminking en die minagting van die mens en sy liggaam. Wanneer ek so na die belaglike „koppe” staan en kyk, dan voel ek dat die „kunstenaar” die spot met die Opperwese dryf.

Wat is nou die rede vir hierdie wrede mishandeling van die skone liggaam? Is dit onbekwaamheid of wil die kunstenaar nou net snaaks wees, of is dit albei saam?

'n Kind se werk kan soms baie eienaardig wees. Hy bedoel nie om snaaks of oneerbiedig te wees nie. Hy is net bloot onbekwaam, omdat hy maar nog net 'n kind is, sê omtrent vyf jaar oud. En dit moet ek die kind ter ere toegee dat ek darem nog sy klei-os kan erken sonder dat daar 'n kaartjie onder aan moet staan om te sê dat dit wel 'n klei-os is.

As ons na die beeld van die Egiptiese koningin Nefertiti kyk, duisende jare gelede gemaak, dan, ten spyte van die fotografiese tekortkominge, bly dit 'n kunswerk wat ons boei, al is sy nie geboetseer volgens 'n Hollywood-patroon nie, en dit roer 'n snaar in ons binneste.

Nader aan ons eie tyd is die Boesman. Sy werk, wat nog baie meer tekortsiet wat fotografiese juistheid betref, is net so aantreklik en boeiend, enkel en alleen omdat dit karakter en opregtheid besit.

Karakter en opregtheid speel dus 'n groot rol in 'n kunswerk.

Al sou 'n werk nou so getrou wees dat 'n kamera nie veel beter kan vaar nie, dan is dit nog nie te sê dat dit 'n kunswerk is, of dat dit karakter besit nie.



W. H. Coetzer: KERK, PAARL



Hoe kan 'n ultra-moderne werk, wat nie eers die natuur en mens eerbiedig nie, dan ooit 'n kunswerk word?

Een van die dae vier ons die 300-jarige landing van Van Riebeeck in Suid-Afrika. Ek wonder net wat hy sou sê as hy die kunsprodukte van die uiterstes van vandag kon sien, des te meer daar hy 'n tydgenoot was van 'n man wie se werke die wêreld erken as suiwer, stylvol en opreg, naamlik Rembrandt!

Die regdenkende mens sal erken dat daar 'n geweldige agteruitgang en self 'n ontaarding ingesluip het in die werke van menige ultra-moderne kunstenaar.

Wat 'n mens vandag so hartseer maak, is die feit dat materiaal so skaars is en soms onverkrygbaar en nogtans word daar so baie van hierdie vormlose, kleurlose spektakels gemaak wat nogal onder die naam van „Kuns” skuil gaan.

Wat my nog meer verbaas as hierdie „kunswerke” is die kopers daarvan. Is die koper van so 'n onverstaanbare ding eerlik wanneer hy sê dat hy dit koop, omdat dit vir hom mooi is? Of wil hy ook net so buitengewoon wees soos die skepper daarvan? Of is dit net die naam wat hy koop? Of is dit ook die saak van liewer dood as uit die mode?

Die ou wêreld van ons is alreeds so vol wanorde, twis, oorloë en vernieling vandag, dat dit 'n kunstenaar betaam om werke te skep wat nie alleen vir homself nie maar ook sy medemens geluk sal verskaf en van hom 'n beter mens sal maak. Maar ek is bevrees dat baie van die sogenaamde skeppinge van vandag die mens nog meer ongelukkig en onnewewigting maak.

Sommige koerante het 'n groot aandeel aan die instandhouding van hierdie kultus van die fondamentlose, kleurlose en vormlose.

Hulle probeer nog vir oulaas om 'n bietjie lewe te blaas in 'n vuur wat begin doodgaan. Te dikwels word die kunstenaar, wat aan die natuur getrou wil bly, se werke deur sommige „kritici” verdoem as te fotografies, en daar word beweer dat 'n kamera so-iets baie gouer en goed-

koper kan doen. Vir die sogenaamde „kritikus” kan ek net dit sê dat dit waarneming, vormkrag en kennis vereis om die natuur en die mens suwer na te kan boots. Ek wil nog daardie „kritikus” ontmoet wat van 'n Jan van Eyck se werke sal sê dat dit te fotografies is en dus geen of min kunswaarde besit.

Hoe meer ek die werke van die proefnemende moderne groep sien, hoe meer ek oortuig is dat hulle 'n kort pad gekies het, omdat dit jare lank vat om 'n deeglike kennis van anatomie en die tekenkuns op te doen. En ek sê nog 'n keer dat daar geen kort pad is in enige professie of ambag nie.

Ons Afrikaners het vrome en godsdienstige voorouers gehad, mense wat natuurliefhebbers was. Hoe is dit dan dat so baie van ons aanhangars geword het van hierdie betekenislose, ingevoerde affére wat nogal „kuns” genoem word? Hierdie soort werk pas nie by ons Christelike lewensbeskouing nie, en dit is te hope dat daar gou 'n teenbeweging sal ontstaan wat hierdie kultus na sy ware betekenis sal ontmasker.

Ons kindertjies groei op temidde van hierdie lelike dinge. Ek glo daarin dat 'n mens 'n kind moet omring met alles wat goed en mooi is. Dit behoort 'n invloed te hê op sy karakter wat nog maar in sy wordingstadium is. Skoonheid, waarheid en goedheid moet een wees.

Hoeveel van ons kunstenaars staan met albei voete op Suid-Afrika se aarde en hoeveel sien ons natuurskoon deur 'n Suid-Afrikaanse bril? Ons moet terugkeer na die natuur, want ek glo daarin dat, hoe nader aan die natuur, hoe nader aan Hom wat dit alles gemaak het.

As ek maar net aan die bewonderaars van die uiterste moderne „kunswerke” 'n geringe deeltjie kan gee van die genot wat ek kry as ek na die meesterstukke kyk van Phideas, Migellangelo, Corot, Chardin en Velasque! En as ek luister na die musiek van 'n Beethoven, Greig en Schumann dan is ek oortuig daarvan dat dit meer as een tot besinning sal bring en hom sal laat terugkeer na die wêreld waar die natuur en die mens mooi is en waar die

harmoniese bou van die musiek die mens laat voel dat dit heerlik is om te lewe en om die lewe te herskep deur die vormkrag van die kuns.

As slot net dit: die kunstenaar moet die dinge in hulle juiste samehang sien en sy beelding moet nie die lewe verwring nie, maar 'n hoër, fyner sintese daaraan gee wat die volmaaktheid nader van die Skepper van alle dinge.

# Oorsig van die Afrikaanse Poësie (1950-51)

deur S. C. Hattingh

Met sy bundel gedigte *Duine en Pioniere* verteenwoordig D. F. Malherbe vanjaar die ouer generasie in ons digkuns. Soos die titel reeds suggereer, staan die gedigte, wat atmosfeer en agtergrond betref, baie na aan die stof wat die skrywer in sy bekende romans oor die pionierslewe behandel. Die gedagtegang is egter los en onsamehangend, veral in die eerste afdeling; dis hoofsaaklik die tema van die „speelman” wat 'n mate van eenheid bewerkstellig:

Ek was nog in die vlakte van die nood,  
toe my bekende snarespel verras:  
'n speelman wars soos ek van goud of goed,  
maar wat 'n beek van bly gemurmel was.

Hierdie speelman word die mondstuk van Malherbe waar hy uiting gee aan sy opvattingsoor die lewe:

„Sê, speelman, waarheen gaan die reis?”  
Sy oë sprankel van plesier.  
„Geen reis, net maar 'n skrede stout  
van Hier na Daar, van Daar na Hier.”

Maar die lewenswysheid van die digter weier om vaste gestalte aan te neem. Die maklike reëlmatige ritmiese beweging van die verse en die woorddrykheid van die kunstenaar dra baie daartoe by om die gedagtes in wasigheid en vaaghed te omsluier.

Die tweede afdeling, *Pioniere*, bevat gedigte van hoër gehalte. Liefde vir die vaderland, liefde vir die vryheid spreek uit al die verse:—

Vervloek is hy  
wat sy erfnis verag!  
Geseënd is hy  
wat kan duld en wag  
tot die maat gely is . . .

Fors en kragtig klink die wekroep soms wanneer hy die volk wil dwing tot aanvaarding van en gereedheid vir die stryd. Hy wys op die offers wat die voorgeslag gebring het:

Hulle het gekniel met helder woorde, dat  
ons die met ongerepte sin behou;  
hul beendere is die brug om oor te loop  
vir die wat anderkant paleise bou.

Pragtig om sy soberheid en eenvoud is die gedig waarin hy hulde bring aan die vrou:

Sy kom die binneland berei,  
die moeder van blank Suid-Afrika;  
die bloedrooi alwynwagte vra:  
wie gaan so vreemd, so mooi verby?

Net soos in sy prosa is daar ook in Malherbe se poësie styleienaardighede aanwesig wat die gedigte ontsier. Afgesien van die vlotheid en maklike ritmiese vloeiing van die verse, hinder die bewuste nastrewing van klankeffekte, die kunsmatige samekoppeling van woorde en die kwistigheid in die gebruik van beeld en retoriiese frases die leser tot so 'n mate dat hy die gedigte nie ten volle kan geniet nie.

Die poësie van die moderne digter word veral gekenmerk deur die skepping van nuwe en aangrypende beelde; die digter streef bewus na nuutheid en vrugbaarheid van beeldspraak. Daarmee bedoel ons dat die beelde wat hy aanwend sekere potensialiteite inhoud, die vermoë tot openbaring van iets wat nog nie vantevore besef is nie; die konsentrasie van die hoogs moontlike hoeveelheid betekenis in 'n klein bestek en die krag om in ons 'n weerklank op te wek van die poëtiese passie, die geheimsinnige, emosionele trillings wat die leser se reaksie bepaal en

wat ons gewoonlik met die woord „ontroering” aandui. Daar bestaan dus by die digter 'n behoefte om die verband uit te druk tussen dinge en gevoelens en hierdie behoefte vereis dat die beeld aanmekaar geskakel moet wees deur 'n innerlike noodsaaklikheid wat sterker is as die neiging van woorde om saam te val in patronen. Die digter aanvaar 'n sekere verwantskap tussen alle dinge. As ons aanneem dat die heelal 'n liggaam is waarin alle mense en alle dinge „deel is van mekaar,” dan moet ons ook aanneem dat elke beeld 'n gedeeltelike intuisie van die hele wêreld gee. Deurdat elke poëtiese beeld 'n klein gedeelte van die hele liggaam openbaar, suggereer dit ook die oneindige uitbreiding daarvan. Poëtiese waarheid ontstaan dus uit 'n waarneming van die onderliggende eenheid wat alle verskynsels verbind en dit is die taak van die poësie om gedurig nuwe verwantskappe binne hierdie patroon te ontdek.

In die poësie van D. J. Opperman kom ons sterk onder die indruk van „die eenheid van alle dinge.” Voorwerpe en verskynsels wat skynbaar geen verband het nie, voeg hy saam in 'n ernstige poging om die onderliggende samehang te laat deurskemer. Wanneer hy daarin slaag om die verwantskap tussen beeld en gedagte, tussen die sienlike en onsienlike of gestalteloze, tussen die tydelike en ewige suiwer op die voorgrond te bring, dan lewer hy hoogstaande kuns. Maar so 'n opvatting van die heelal bring ook sekere gevare mee waaraan die digter nie heeltemal ontkom nie. Sy gedagte-uitinge kan so versluierd en vreemd wees dat die lesser die samehang nie kan deurgrond nie en gevolglik passief teenoor die gedig bly staan. Of die ineenskakeling van beeld en gedagte kan sonder innerlike noodwendigheid geskied as gevolg waarvan die gedig 'n sekere gekunsteldheid en verstandelikheid weerspieël. En juis by Opperman is hierdie gevare groot, omdat hy so handig en bedreve met woorde kan werk.

Die sentrale gedagtegang wat al die gedigte in sy jongste bundel, nl. *Engel uit die klip*, saamsnoer, is die roepingsbewustheid van die digter as skeppende persoonlikheid. Dit is die taak van die digter om dit wat verstar het, weer nuwe lewe te gee, om skoonheid voort te bring uit die ruwe

en onooglike, om die engel uit die klip te verlos. Hierdie proses is alleen moontlik omdat die digter homself één voel met die skepping, met die heelal. Duidelik spreek dit uit die gedig *Scriba van die Carbonari*:

Ek moet my land, wat buite die hemele lê,  
deur Sy genade en Sy meegevoel  
bestendig in my volk se taal en sê  
wat my aangryp; en in volstrekte  
vereenselwiging met alles om my heen:  
bloeisels, alpe en viswyf, verlos ek  
deur die gedig die engel uit die steen.

Die gedig *Mériba* druk dieselfde gedagtes uit. Die volk vra water — die lewewegende en lawende, hier sinnebeeld van die skoonheid. Moses laat die water uit 'nrots vloei en openbaar terselfdertyd die almag van God. Uit die lewelose vloei die lewe voort, uit die verstarde die skoonheid. So is dit ook die roeping van die digter om God, om die skoonheid in die dinge te openbaar, al kan hy nie suiwer skoonheid gee nie.

Ons kan verder let op die gedigte onder die afdeling *Aluin*. In *Droogte* is dit die digter wat die wiggletroede in sy hand hou om water aan te wys in 'n dorre wêrelد tussen dorings en klippe. Hy is in staat om, selfs waar die grootste verlatenheid heers, skoonheid voort te bring. Soos kragte wat in die verlede werksaam was, in steenkool vasgelê is, so herken hy in die liggaam van 'n ou skepsel hartstogte wat eenmaal hewig opgevlam het:

„Die konka van sy lyf bewaar  
ou tye soos in steenkool opgegaar:  
vuursalamanders en rooi voëls  
wat snags deur gate na ons staar.”

Die mens is in staat om byna alles in sy omgewing „onder midas-hande” in goud te verander. God, in Sy groot almag, suiwer die mens en alles wat met Sy glans in aanraking kom; maar die digter doen dit op 'n ander wyse: hy doen dit deur „die toorklip van die woord.”

Die afdeling *Brandaan* bestaan uit agt sonnette, geïnspireer deur 'n ou middelnederlandse verhaal waarin die reis van „Sinte Brandane” beskryf word. Hierdie

heilige kry 'n boek in die hande waarin al die wondere van die skepping opgeteken staan. Alles kom vir hom so ongeloofwaardig voor dat hy die boek in die vuur gooi. Uit die vlamme daarvan styg 'n engel op wat hom dwing om die reis te onderneem. Na baie noue ontkomings waarin die wonderbaarlike 'n groot rol speel, verdwyn sy ongeloof. Op Pinksternag gooi die digter sy eie verseboek in die kaggelvuur omdat die dinge wat hy daarin skryf eintlik boos is. As hy God suiwerder wil dien, moet hy daarvan ontslae raak. Maar die brandende boek verander in 'n engel wat toornig sê:

„Jy het die waarheid in die vuur verbrand,  
maar nou gebied die Here God dat jy  
ook in die gramadoelas van jou land  
Sy wondere sien en koninkryk uitbrei.”

Dis dan die opdrag wat die digter ontvang. Eerste kom hy by die „swart kop” in die agterbuurtes van die stad en hy voel hom geroepe om dit met westerwaters te doop. Maar meteens verneem hy uit die mond van die kop die stemme van ou impi's wat sing. Na hulle ervaring op die aarde weier hulle om saam met hom in dieselfde hemel te wees. Hulle sal eerder in die hel saam met die voorvaderlike geeste woon, want „jy het my kop reeds van die lyf gesny.”

Die digter voel hom onverbreekbaar verbonde aan die kosmiese. Hy is deel van die groot evolusieplan. In *Lintwurm* sê hy:

„Ek het langs wenteltrappe van die plek gesak, maar toe met elke tree en drang voel ek dat spiere aan my spiere trek — ek is 'n lit in daardie lyf gevang.”

Dieselfde gedagte druk hy uit in *Kronos* waar hy hom in die kronkels van 'n boaslang vasgevang waan:

„Soms op 'n oggend waan ek my verlos:  
rooi vink en vlinder tuimel in die son,  
by Weza werk houthakkers in die bos  
en om die trein verskuif die horizon.  
Maar snags sien ek hy hou die kosmos styf  
gevange in die melkweg van sy lyf.”

Net so is die mens ook vasgeskakel aan kragte wat liggaam en gees beheers; wat hy dink en doen word bepaal deur die verlede:

Geen kuns of kennis dryf ons verder voort.

Verlos ons van dié strik. Heer, sny die koord.

(Seance).

Na alle waarskynlikheid sinspeel die gegewens in die gedig *Gebed om die Gebeente* op die fusillering van Gideon Scheepers. Die moeder verlang na sekerheid omtrent die lot van die gebeente van haar seun sodat sy kan rus. Maar, wat ookal daarvan geword het, Scheepers leef, want hy wat drie maal gesterf het, is onsterflik. Hy is 'n held wat in die harte van sy volk voortleef. Daaruit groei dan ook die simboliek in die laaste gedeelte van die gedig: die herryisenis en onuitroeibaarheid van 'n lewenskragtige volk:

Seën, Here, ál die bleek gebeente van die stryd—  
ek ken as moeder ná 'n halwe eeu van pyn:  
een land vol skedels en gebeente, een groot graf  
waaroor U noordewind die droë dissel waai  
en spruit en krans vul met die afloskrete van  
die aasvoëls, van die wildehone en die kraai  
—dat ons as een groot nasie in dié gramadoelas  
met elke stukkie sinkplaat en met elke wiel,  
en wit en bruin en swart foelie agter skoon glas  
ewig U sonlig vang en na mekaar toe spieël.

Van die korter gedigte wat uitmunt deur tegniese vorm-beheersing en suiwer klankekspressie, noem ons *Klara Majola, Ou Non* en *Draaiwers*. Sover my bekend is *Sprokie van die Spikkkelkoei* die eerste sprokie in gedigvorm in Afrikaans. Dis 'n tipiese naturelleverhaaltjie wat die brandende intensiteit van gewetenswroeging uitbeeld. Hoewel Opperman ons deurgaans onder die bekoring bring van sy skerp waarneming en visioenêre beelde, sy vindingrykheid en vaardigheid, vind ons tog, veral in die langer gedigte, gedeeltes wat sterk verstandelik aandoen. Dis asof sy intuïtiewe aanvoeling verslap en bewuste skepping die plek daarvan inneem. Hierdie leemte tref ons veral aan in die lang gedig *Scriba van die Carbonari*.

Elizabeth Eybers noem haar jongste digbundel *Tussen-sang*. Dit suggereer die gedagte dat sy hiermee 'n fase in

haar poëtiese loopbaan afsluit en dus 'n nuwe skeppings-tydperk in die vooruitsig stel. Ongelukkig bereik sy in *Tussensang* nie dieselfde hoë peil as in haar vorige digbundels nie, en die insinking moet ons hoofsaaklik daaraan wyt dat sy nie meer oorweënd die sonnetvorm gebruik wanneer sy haar gedagtes verwoord nie. Want in die sonnetvorm lê haar krag en ook haar beperktheid. Wanneer sy daarvan awyk, skryf sy eentonige mymerverse waarin die neiging tot verstandelikheid oorheers.

Haar nuwe bundel bevat net twee sonnette. Die een getitel *Sonnet* is waarskynlik die beste geslaag. Die beeld van 'n eensaam-hunkerende vrou wat voor die kaggel oor die verlede droom, word innig en oortuigend weergegee:

„Die yl musiek wat deur my are gly  
totdat dit langsaam stol tot taal is jy:  
hoe ver jy buite hierdie kring mag straal,  
omsluit dit nog jou hande, jou gesig,  
jou wesenlike ritme en ewewig.”

Die ander sonnet, *Planttyd*, vorm 'n stuk suiwere betoog sonder emosionele suggestie of diepte. Dieselfde geld vir die langer verse. *As iemand klein is . . .* en 'n *Liedjie vir Jeanne*. Die eerste gedig, *Bome*, handel oor herinneringe uit die skryfster se kinderdae. Maar behalwe 'n treffende weergawe hier en daar is die geheel te beredeneerd en die toon van die gedig te sentimenteel. Die verstandelikheid en nugterheid as teenpool daarteenoor word weerspieël in haar woordgebruik, gebrek aan suggestiwiteit, swaar vloeiende ritme en onvrugbare beeldspraak. Haar poëtiese onmag word geaksentueer in uitdrukings soos: *suiwere geheel, intiem omsluit, eerste dinge, nederig in hul hoflikheid*. In ander verse verneem ons ook weer van: „Jou oë is 'n helder kuil,” „dat iets so smetteloos bestaan” — almal uitdrukings wat te serebraal of as digterlike simbole reeds uitgedien is.

In 'n poging om die traie verstempo 'n bietjie te versnel, maak sy veelvuldig gebruik van enjambemente wat soms hinderlik aandoen of sy laat leestekens opsetlik weg aan die einde van versreëls. Sulke kunsmatige middels is nie altyd in staat om die kenmerkende stroefheid in die ritme

tot 'n egalige vloeiing oor te skakel nie. 'n Enjambement soos die volgende is hinderlik:

„Voordat die aarde my gebind

het, was ek 'n koue, eensame kind . . . ”

Lomp, horterige ritme kom veelvuldig voor:

„Af deur die leegte, verby die populierbos

wat sidder en skielik sy flikkering uitdoof,

deur die kokende spruit, met één sprong oor die

bros wal . . . ”

Die beeldspraak wat die digteres aanwend is, deurgaans nugter en gewoon, sonder die verrassende openbaringe wat slegs nuwe metafore te voorskyn kan roep en wat onontbeerlik is by die opwekking van 'n suiwer estetiese emosie. Realistiese beeldspraak, hoe treffend dit ookal in baie opsigte mag wees, gaan nie altyd met intuïtiewe skepping gepaard nie. Daar moet ook 'n verwantskap bestaan tussen die dinge en die gevoelens wat opgewek word, en uit hierdie verwantskap ontstaan die beeldende metafoor.

Die agteruitgang wat ons in hierdie bundel waarneem, moet dus hoofsaaklik toegeskryf word aan die neiging tot verstandelikheid en 'n gebrek aan ware sintuiglikheid.

*Die Sewe Vrese*, die derde digbundel van Ernst van Heerden, bevat myns insiens van die suiwerste verse wat hy nog geskryf het. Gedigte soos *Niemandsland*, *Droogte in die Karoo* en *Herinnering* getuig van oorspronklikheid en digterlike skeppingskrag. Luister bv. waar hy in die kerkhof mymer:

Vir wie het hul gewilliglik geswig,  
dié skagte roerloos ingegaan,  
— klein wellus en begeerte afgedaan—  
die luik gegrendel teen die lig?  
Geen antwoord kom daar uit die nag.

Flou brand die dood en lewe hier  
waar ek, al dolend in die niemandsland,  
vir gees my asem wil verpand  
en inloer by hul blinde kier,  
so warm en rustig soos hul aarde word.

Fors en aangrypend klink ook die verse wat handel oor die menslike liggaaam in spanning, die uitbeelding van

sierlike beweging en ewewig van kragte soos in *Fiets-wedren*:

Demone hurk die skuinste langs  
—bo outomates soem en flits—  
al wilder en waansinniger:  
dyspier, voet, pedale ewewigtig  
en in magtige gang fyn vasgewoel  
met ruisend-starre meganiek . . .

Ongelukkig is Van Heerden nog nie heeltemal vry van regstreekse beïnvloeding deur ander digters nie. Treffende woorde en reëls en selfs gedagtes uit die poësie van tydgenote word nog in sommige van sy verse aangetref. Maar alle tekens dui daarop dat sy oorspronklike digterskap besig is om gestalte te vind.

Dieselbde aanklag van onoorspronklikheid kan ook teen Bartho Smit in sy eersteling-bundel *Mure* gemaak word. Orals hinder bekende uitdrukings soos die *blink lied* van die gode, *donker mure* van die eensaamheid, die *bitter wete*, die *grense van ons denke* ens. die leser. Die leemtes wat gewoonlik in die werk van 'n jong digter aangetref word, vind ons ook in hierdie bundel: ondeurleefde siening, onnatuurlikheid gepaard met retoriiese segging en die uiting van 'n nog vae en onrype lewensgevoel. Die verse wat poëties die beste geslaag het, kom voor in gedeeltes van die Middelnederlandse vertelling *Beatrys* wat deur die skrywer oorvertel word.

# *„Modernisme” in ons Letterkunde*

deur F. J. Eybers

Die mees optimistiese persoon, die mees selftevrede jongmens van ons dae — hy wat nog nooit ’n woord oor die „wonderlike, goeie oue tyd” gerep het nie, sal nietemin moet erken dat alles nie pluis is met ons Afrikaanse letterkunde nie en dat dit êrens aan ons hedendaagse literêre smaak haper.

Die pers self het hierdie waarheid al by ’n paar geleenthede laat deurskemer, maar veel meer as die helfte van die waarheid word sorgvuldig verswyg. En niemand kan ook van die pers verwag dat dit teen sy eie belang sal optree nie. Bowendien moet die foute wat hierdie bedenklige toestand teweeggebring het, ook nie in die eerste plek by die uitgewers gesoek word nie — dit lewer maar aan ’n verwilderde en ontwrigte volksmassa die besondere lektuur wat aldeur gevra word — seks en sensasie en sentimentaliteit, al na gelang . . . Die na-oorlogse wêreld meet vanselfsprekend vandag sy kuns, sy musiek, sy beeldhoukuns en sy letterkunde met ander maatstawwe as veertig, vyftig jaar gelede. Ons lewe in die eeu van verrassende vooruitgang, van industrieë en kapitalisasié. Die gees van materialisme en sensasionalisme oorheers alles. Elkeen maak jag op groter spoed en wilder sport. Groot offers word gebring na die altare van die Moloch en die Mammon, en niemand vind meer die tyd om die

koste daarvan aan die volksiel en die karakteradel te bereken nie.

Presies hoe erg die toestand is, hoe dekadent ons prosaletterkunde geraak het en hoe verward en ondiep ons smaak vir die ware en waardige geword het, besef ons nie altyddeur nie. Miskien sal die volgende staaltjie enigsins die algemene toestand van ons dae aandui:

Verlede week stap ek by 'n plaaslike boekhandel binne en sê aan die bestuurder: „Kan u my asseblief 'n halfdosyn kopieë van „Oupa Landman se Viool” laat kry? Ek wil graag aan 'n paar vriende die genot verskaf wat ek self gesmaak het by die deurlees van hierdie boek!”

My vriend het my met lede oë aangekyk, sodat ek halfontnugter moes sê: „Maar julle het tog seker die boek in voorraad en sal al baie verkoop het, want hy is mos goed.”

„As hy ‚goed’ is, sal ons hom huis nie kan verkoop nie,” klink sy onverstaanbare antwoord, totdat hy begin beduie dat daar mos eintlik geen vraag is na lektuur wat bietjie hoër as die bloed-en-donder-gedoente staan nie.

Ek het hierdie uitgewer bietjie jammer gekry, want ek was bewus daarvan dat hy nog altyd probeer om die volk van lesenswaardige stof te voorsien. Ek vrees hy sal voortaan ook maar noodgedwonge na daardie goeters moet gryp wat vandag deurgaan as Afrikaanse prosawerke en wat ryklik profyte afwerp. Anders sal hy miskien sy boekwinkel moet sluit.

„En hoe het ons tot hierdie toestand geraak?” sal die denkende man bekommert vra.

Daar is baie faktore wat meegewerk het om die „goeie” Afrikaanse boek op die agtergrond te skuif of glad-en-al te laat verdwyn, sodat daar vir 'n lektuur van 'n minderwaardige soort en vir die tydskrif en die kortverhaal (van 'n bepaalde soort) die ereplek kan ingebruik word. Want die eise van ons tyd, sowel as die maatstawwe waarmee ons abstraksies meet, het verander — die bakens van ons liefde en belangstelling het verskuif — en dit soms wel ten goede. Die preutsheid van die Viktoriaanse tydperk het plek gemaak vir na-oorlogse spoedbejag en 'n oppervlakkigheid wat die mensdom byna tot kranksinnigheid gejaag het. Die deftige grasie en oordrewe gallanterie van

die vorige eeu is vervang deur 'n bruutheid wat grens aan losbandigheid en 'n banaliteit wat skok en soms ook walg. Vervelende breedsprakigheid en omslagtigheid het plek gemaak vir die frappante en sensasiewekkende — vir die hoogspanning van die speur- en moordverhaal.

Kyk maar hoe die waardige ou vyf-akter-dramas moet padgee voor die veelgeroemde driebedrywe, wat nou al verslank het tot die populêre, moderne eenbedryf-toneelstuk. Die prekerige, swaarwigtige roman van vier-, vyfhonderd bladsye word vervang deur die vlotte, vlugtige novelle en skets, of nog liewer deur die dikwels haastig saamgeflanste *kortverhaal* wat geredelik sy plek vind in die tydskrif van vandag waar dit aan duisende oppervlakkige lezers vir 'n uurtjie lekker vermaak of sinsgenot en tydverdryf verskaf. Die res van die spanning sal die riller-rolprent wel verskaf.

Die kortverhaal het derhalwe die meesbeoefende genre van ons tyd geword, en hoewel dit in die hande van meesters soos Edgar Allan Poe, Dickens, De Maupassant, Chekov e.a. 'n egte kunsvorm geword het en ook deur 'n aantal Suid-Afrikaanse skrywers met groot sukses aangewend is, moet ons toegee dat 'n groot nasionale letterkunde darem nie op hierdie „jerry-built” fondament kan opgehou word nie. Inderdaad: „Ambition should be made of sterner stuff.”

Ons besef dat hervorming nodig is. Dit is hoog tyd dat ons van allerlei uiterlikhede en oppervlakkigheid ontslae raak. Ons moet baie van die versiersels en maskers kwytraak. Ons moet nou eenmaal, as ons 'n suiwerder, waardige en goeie smaak wil kweek, ook ten opsigte van ons kuns en letterkunde, 'n slaggie die moed bymekaar skraap om ons skouvenstertjies almal en oral af te breek; ons selfvoldaanheid af te skud; die flessies met oogdruppels en reukwatertjies, wat maak dat ons baie dinge in 'n verkeerde lig en met skewe perspektief sien, moet vernietig word; ons poeiertjies en pommades, ons verf en vernis en ons gelaaiide rewolwertjies moet in die asblik gegooi word. Ons moet ons huis en ons hart opruim en die vensters wyd oopgooi sodat die môrelug van die Suid-Afrikaanse veld en die klaarheid van ons sonlig kan

binnestroom. Dan sal die narighede wat twee, drie wêreldoorloë aan die mensdom as 'n verwoestende erven nagelaat het, ook weggevoer word. Al die bouvalle en puinhope, die afval en die opdrifse moet weggeruim word — die Augeiese stal moet kragdadig skoongemaak word en die prullaria in ons letterkunde moet vernietig word; sodat ook die bloed, ja die bloed van baie MOORDE kan uitgewis word.

Die verwyt is gemaak dat ons hedendaagse kritiek alte „emosioneel” is. Ook hierdie aantyging is kensketsend van ons tyd. Die soldaat — kind van hierdie eeu — mag geen menslikheid en geen emosie openbaar nie. Hy moet altyd ewe koudbloedig bly en soos 'n reptiel of 'n masjien te werk gaan. Ook ons maatstawwe waarmee ons selfs geestelike waardes meet, moet wees soos koue yster-en-staal-duimstokke en winkelhake wat presies en matematis kan afmeet die voortbrengsels van die volk en alles kan bereken in terme van ponde, sjielings en pennies. Die menslike en geestelike elemente moet uitgeskakel word. Trouens iemand wat 'n masker dra, het altyd iets om weg te steek en sal nooit die volle waarheid en die soeklig van eerlike kritiek kan verduur nie. Hy is nie die man wat die allerhoogste en allerbeste vir sy volk en vir die mensdom soek nie. Hy sien nog steeds die beeld van die Mammon en van materialisme op die gesigseinder verry's.

Terselfdertyd moet ons ook, indagting aan die woorde van dr. P. C. Schoonees, soos in Die Huisgenoot van 14 April verlede jaar gestel, „die vensters oop skuif.” Meer van die universeel-menslike sal dan in ons gees en in ons letterkunde kan instraal. En as ons verder dink aan die goeie raad van D. F. Malherbe, wanneer hy gedurig maan tot suiwerder siening, tot die kweek van 'n „andersheid” in ons letterkunde en die aanwend van boustowwe en motiefbronne wat ons eie is, dan mag ons dink aan 'n nuwe begin.

Dit is geen „contradiccio in terminis” nie om te sê dat ons die goeie raad van beide Schoonees, met sy wekroep „skuif die vensters oop,” asook dié van Malherbe kan volg wanneer hy sê dat ons skrywers hulle boustowwe uit eie vaderlandsbodem moet put en 'n „andersheid” in ons letterkunde en volkskarakter moet handhaaf. Ons kan en

moet albei doen en dit sonder om die oorlog-verkrankte Europeér of die grootdoenerige Amerikaner na te aap. Enersyds moet ons sorg dat ons nie ons individualiteit en ons volks-eiendomlike verloor nie, maar andersyds moet ons oppas om nie verwaand en eiegerig te word nie. Hier in Suid-Afrika is ons geografies geïsoleer en ons lewe, ondanks nuwerwetse verkeers- en verbindingfasiliteite, nog altyd 'n bietjie eenkant en apart; temeer rede dat ons ons nie afsydig en aanstellerig durf hou nie.

Ons kan en moet van ander en ouer kultuurvolke leer. Ons soek tog na kontakte met ander nasies en vriendskap-like betrekkinge op allerlei gebiede. Ons wil in goeie verhouding met die buitewêreld staan ten opsigte van die handel en nywerhede, van opvoedkunde en wetenskap. Kan ons dit dan bekostig om ons op letterkundige gebied eweys en beterweterig te hou? Ons sal net daardeur skade ly.

Ons moet derhalwe ook gebruik maak van die allerbeste van ander nasies se letterkundige werke deur dit in Afrikaans te vertaal. Dit is immers die bevinding en uitgesproke mening van verskeie kenners en kritici dat vertalings uit die beste wêreldliteratuur vir ons jong, aangroeiente letterkunde van groot waarde kan wees.

Daar was 'n tydstip — ons hoop daardie tyd is verby — dat alle uitgewers oorengekom het dat vertaalde werke per se taboe is. Hoe dikwels het ons nie gehoor nie: „Nee, ons stel geen belang in vertalings nie. Skryf iets (enigiets!) oorspronklik, dan sal ons dit uitgee.” Waartoe het hierdie wanbegrippe gelei? Terwyl ons die beste werke wat op die wêreldmark en in die ou kultuurlande as meesterstukke verskyn het en gretig uit die oorspronklike in ander tale soos Frans, Engels, Duits, Russies ens., oorgesit en geniet is, het ons hier in ons Suidhoekie ons neus opgetrek daarvoor, omdat dit nie die stempel van die sogenaamde oorspronklikheid gehad het nie. Intussen is hier in ons land alles en nogwat met lus opgesnap solank dit dan hier te lande in Afrikaans ontstaan het. Voorts het dit daartoe gelei dat ons boekemark oorlaai is met 'n almagtige wavrag prullaria wat ons volksmaak in baie gevalle tot die zeropunt laat daal het. Die boek word derhalwe as 'n vreemde luukse-artikel beskou, wat net tuishoort by 'n paar studente en dweepsieke fynproewers.

Die breë laag van ons volk verlustig hom vandag in die seks-, sensasie- en riller-tydskrif-lektuur. In voorhuis en kombuis, op die stoep en op die straat sien ons stapels tydskrifte en saam met die kortverhaal van 'n baie gespesialiseerde soort is dit eintlik al wat in aanvraag is.

En wat het ondertussen van die boek „the lifeblood of a master spirit” geword? Is dit nie veelal morsdood gemoor deur 'n ses-en-dertig-tal moordverhale (waarvan die buiteblad met hierdie sensasiewekkende en opklinkende titel versier is), wat in die afgelope twaalf jaar in ons jeuglektuur in Afrikaans verskyn het?

Die boek het van ons rakke en uit ons huise en ons harte verdwyn. Dit word nie meer met eerbied en liefde behandel nie. Daarom het die Afrikaanse boek sy waarde en waardigheid gaan verloor! Waar is die Afrikaanse huis waarin daar nog 'n noemenswaardige boekery gevind word — waar die biblioteek nog 'n heiligdom is? Kan ons nie terugkeer na gesuiwerde en soberder norme nie, waar ook vertalings van die beste Europese werke hulle regmatige plek sal inneem nie?

Dit kán gebeur as ons volk geleer het om die ewige waardes te herken en aan hulle toe te ken die ewige en universele waarmerk wat hulle toekom, en dit sonder om een iota of tittel van ons eiegoed se waarde af te neem. Sodra ons weer die waarheid openhartig en padlangs mag praat ook t.o.v. ons letterkunde en die vinger op die wondplekke mag lê, kan ons 'n herlewing verwag. Wanneer die kritikus sy onomwonde mening, sonder naywer en met geen houding van beterweterigheid nie, mag uitspreek, wanneer die skrywer en die pers daardie welmenende raad en opbouende kritiek grootmoedig aanvaar — dan is daar hoop dat alle lae van ons samelewing sal ontwaak by die klinkklare wekroep van nuwe geluide ook in ons prosa-letterkunde soos ons dit reeds tot 'n ruime mate in ons poësie verneem het.

Dan sal ons lesers, ook ons jeugdige lesers en selfs leerlinge op ons hoërskole, leer om hulle te verlustig in die kalme, die waardige en die waaragtig skone. Die diereverhaal-genre soos ingelui deur ons eie Suid-Afrikaanse skrywers, Eugène Marais, Sangiro, die Hobsons, Schoeman, Friedenthal en Chadwick, en in die buitenland

beoefen deur beroemde skrywers soos Roberts, Jack London, Waldemar Bonsels en Salten, sal weer sy regmatige plek in ons boekerye en in ons harte verower.

Ons glo vas dat ons weer mag vooruitkyk na blyer dae, want hoewel die mallemeule en die tydgees ons dronk en duiselig gewarrel het, tog is die fynere en egte in ons nog nie verwoes nie. Die tyd van reaksie het reeds ingetree. Van ons beste en jongste skrywers bied ons 'n nuwe romansoort waarvoor 'n frisse belangstelling ontstaan het. Hulle roep ons terug na die plaas en die grond — en die vaderlandse bodem — ons hartgebied. Ons jong geslag begin weer geniet en hulle verlustig in boeke soos: „Erfplaas” en „Swartskape” (van Pasch); „Boplaas” van Boerneef; die „Sterwende Aarde” ('n vertaling uit Frans deur Dekker); „Jeug” van C. M. van den Heever, en daardie nuutste verhaal van ons Suid-Afrikaanse aarde: „Oupa Landman se Viool.”

Gesien hierdie feite, wat nie bloot 'n floue hoop is nie maar proefondervindelik bevestig is, mag ons blymoedig aanneem dat die verwilderding en vervlakking in ons literêre smaak geleidelik begin afneem; die dwaalligte begin vervaag; 'n kalmer rooidag breek aan. Ons akkerland wat vir 'n tydlank deur oorlogsmasjinerie en swaar tenks en kanongeskut en uitheemse gifgas verwoes is, word allengs deur milde deurdringende reëns gedrenk, en, laat ons hoop, deur die felle strale van 'n suiwere kritiek verder gelouter, sodat ons 'n ryke oes van goue graan en voedsame pitkos in die toekoms mag verwag.

# Nuwe Afrikaanse Boeke

SEPTEMBER—NOVEMBER 1951

Saamgestel deur P. J. Nienaber.

## LETTERKUNDE

BOSMAN, dr. F. C. L. Hollandse en Engelse toneel in Suid-Afrika 1800 tot vandag, in Die Afrikaanse drama. Pretoria, verkrygbaar J. H. de Bussy, 1951. 13 bl. 9 $\frac{1}{2}$  x 7 $\frac{1}{2}$ . pap. 2/-. [Ook afsonderlik in Engels].

MERWE, dr. H. J. J. M. van der Lansloot van Denemarken. Pretoria, J. L. van Schaik, 1951. 131 bl. 7 $\frac{1}{2}$  x 5 $\frac{1}{2}$ . slap linne. („Van stamverwante bodem,” nr. 14). 6/6.

NIENABER, P. J. Jonger skrywers oor eie werk. Johannesburg, Afrikaanse pers-boekhandel, 1951. 140 bl. illus. 8 $\frac{1}{2}$  x 5 $\frac{1}{2}$ .

—. Skrywersalbum vir skole. Johannesburg, Afrikaanse pers-boekhandel, s.j. [1951]. 70 bl. illus. 8 $\frac{1}{2}$  x 5 $\frac{1}{2}$ . pap.

## POËSIE

HEERDEN, Ernst van. Die sewe vreese. Johannesburg, Constantia, en 's-Graafveld, A. A. M. Stols, 1951. 35 bl. 7 $\frac{1}{2}$  x 4 $\frac{1}{2}$ . 8/6.

## BLOEMLESINGS

OPPERMAN, D. J., samesteller. Groot verseboek: 'n bloemlesing uit die Afrikaanse poësie. Kaapstad, Nasionale boekhandel, 1951. 161 bl. 9 $\frac{1}{2}$  x 7 $\frac{1}{2}$ . 15/-. —. Junior verseboek: 'n bloemlesing uit die Afrikaanse poësie vir die middelbare skool. Kaapstad, Nasionale boekhandel, s.j. [1951]. 123 bl. illus. 8 $\frac{1}{2}$  x 5 $\frac{1}{2}$ . karton.

—. Senior verseboek: 'n bloemlesing uit die Afrikaanse poësie vir die hoërskool. Kaapstad, Nasionale boekhandel, s.j. [1951]. 175 bl. 8 $\frac{1}{2}$  x 5 $\frac{1}{2}$ . 9/6.

## DRAMA

STEYN, Fritz. Vername mense. Johannesburg, Afrikaanse pers-boekhandel, 1951. 81 bl. 7 $\frac{1}{2}$  x 4 $\frac{1}{2}$ . karton. 8/- (8/6).

STEYTLER, Herman. Vyf dogters: 'n drama in vier bedrywe. Kaapstad, Nasionale boekhandel, s.j. [1951]. 48 bl. 7 $\frac{1}{2}$  x 5 $\frac{1}{2}$ . pap. 4/-.

## WOORDEBOEKE

VAKTAALBUTO van die S.A. Akademie vir Wetenskap en Kuns. Lys skeikundige terme, Engels-Afrikaans. Pretoria, Vaktaalburo, bus 134, 1951. 144 bl. 12 $\frac{1}{2}$  x 7 $\frac{1}{2}$ . pap. 10/- (gerones).

VOORLOPIGE lys opvoedkundige en sielkundige terme, Engels-Afrikaans; saamgestel deur J. Chr. Coetzee, A. J. la Grange, J. A. J. van Rensburg en E. C. M. du Toit. Pretoria, Vaktaalburo, bus 134, 1951. 262 bl. 12 $\frac{1}{2}$  x 7 $\frac{1}{2}$ . pap. 10/- (gerones).

## ROMANS EN VERHALE

BECKER, Maurice. Die man met die groen oë. Johannesburg, Goeie hoop uitgewers, 1951. 216 bl. 7 $\frac{1}{2}$  x 5. 10/6.

BEUKES, Dricky. Jare van leed. Johannesburg, Voortrekkerpers, 1951. 203 bl. 7 $\frac{1}{2}$  x 5. 10/- (10/6).

BOSMANN, Forona. Ek, Lydia Verhagen. Johannesburg, Boek-van-diemendaad-klub, bus 9947, 1951. 214 bl. 7 $\frac{1}{2}$  x 5.

—. Silwer tralies. Johannesburg, Goeie hoop uitgewers, 1951. 225 bl. 7 $\frac{1}{2}$  x 5.

DIRKS, Cor. Arend van As. Kaapstad, Nasionale boekhandel, s.j. [1951]. 200 bl. 7 $\frac{1}{2}$  x 5 $\frac{1}{2}$ . („Ons eie biblioteek-skema,” VI, 7).

ELDERS, J. van. Vergeet wat was. Johannesburg, Dagbreek-boekkring, 1951. 224 bl. 7 $\frac{1}{2}$  x 5.

ELOFF-VAN DER WALT, Ella. 'n Skugttere blosiel. Johannesburg, Afrikaanse pers-boekhandel, 1951. 269 bl. 7 $\frac{1}{2}$  x 5. („Moreesterbibliotheek,” nr. 64).

FOURIE, Myhardt. Die meisie met die helm. Johannesburg, Afrikaanse pers-boekhandel, 1951. 277 bl. 7 $\frac{1}{2}$  x 5. („Moreesterbibliotheek,” nr. 61).

FRASER, E. J. M. Drie strome. Kaapstad, Nasionale boekhandel, s.j. [1951]. 156 bl. 7 $\frac{1}{2}$  x 5 $\frac{1}{2}$ . („Ons eie biblioteek-skema,” VI, 5). 9/6.

- GATTI, Attilio. Saranga, dwerg van die reënwoud; vertaal deur M. Taljaard. Stellenbosch, Universiteitsuitgewers, 1951. 219 bl. illus. 8½ x 5½. 10/6.
- GIE, Marius. Ameloo. Johannesburg, Dagbreek-boekkring, 1951. 241 bl. 7½ x 4¾.
- . Klinkend' metaal. Johannesburg, Afrikaanse pers-boekhandel, 1951. 241 bl. 7½ x 4¾. („Moresterbiblioek,” nr. 65). 10/- (10/6).
- GROEN, Sanet te. Barre rotse. Johannesburg, Afrikaanse pers-boekhandel, 1951. 80 bl. 7 x 4¾. pap. („Leesgenot-reeks,” nr. 35). 1/6.
- GROENEWALD, André. Ek haal die voorblad. Johannesburg, Voortrekkerpers, 1951. 200 bl. 7 x 5. 9/6 (10/-).
- HEERDEN, A. M. van. Ook dit sal verbygaan. Johannesburg, Van Riebeek-biblioteekskema, 1951. 232 bl. 7½ x 5. karton. 9/6.
- HEEVER, C. M. van den. Jeug. Johannesburg, Afrikaanse pers-boekhandel, 1951. 165 bl. 7½ x 4¾.
- HENDRIKS, Hermie. Liefde sonder More. Johannesburg, Dagbreek-boekkring, 1951. 200 bl. 7½ x 5½.
- HENDRIKS, R. Poort van verskrikking. Johannesburg, Dagbreek-boekkring, 1951. 235 bl. 7½ x 5. karton. 12/-.
- JANSEN, C. R. Dit bedek alle dinge. Pretoria, Die keurbiblioek, 1951. 222 bl. 7½ x 4¾. 8/- (6/- vir lede).
- JOUBERT, G. J. Oupa Landman se viool. Kaapstad, Nasionale boekhandel, s.j. [1951]. 216 bl. 7½ x 5½. („Ons eie biblioteekskema,” VI, 6). 10/6.
- KRAUSE, F. Soos jy saai . . . Johannesburg, Afrikaanse pers-boekhandel, 1951. 101 bl. 7 x 4¾. pap. („Leesgenot-reeks,” nr. 34). 1/6.
- LAMPEN, G. 'n Ongerynde nalatenskap. Pretoria, J. P. van der Walt, 1950. 286 bl. 7½ x 5. 8/-.
- MARAIS, Gerhard. Die ewige vrou. Johannesburg, Afrikaanse pers-boekhandel, 1951. 80 bl. 7 x 4¾. pap. 1/6.
- MARAIS, Casper H. Mank Mannetjie: manewales in 'n sirkus. Johannesburg, Afrikaanse pers-boekhandel, 1951. 156 bl. 6¾ x 4¾. pap. („Mank Mannetjie-reeks,” nr. 5).
- . Mank Mannetjie: molestie in 'n modewinkel. Johannesburg, Afrikaanse pers-boekhandel, 1951. 162 bl. 6¾ x 4¾. pap. („Mank Mannetjie-reeks,” nr. 4).
- MARTINS, Harper. Geen kloof so diep. Johannesburg, Goeie hoop-uitgewers, 1951. 214 bl. 7½ x 5.
- MOLTKE, J. von. Die vrou van Lushai. Johannesburg, Afrikaanse pers-boekhandel, 1951. 249 bl. 7½ x 5.
- NESER, Regina. Gister is nog hier. Johannesburg, Afrikaanse pers-boekhandel, 1951. 282 bl. 7½ x 5. („Moresterbiblioek,” nr. 63).
- POST, Johann van der. Die man van smarte. Johannesburg, Goeie hoop-uitgewers, 1951. 187 bl. illus. 7½ x 5.
- ROUSSEAU, André. Sewe maer jare. Johannesburg, Voortrekkerpers, 1951. 169 bl. 7 x 5. 9/6 (10/-).
- ROUX, Braam le. Die eiland van die blou duiwels. Johannesburg, Goeie hoop-uitgewers, 1951. 118 bl. 6¾ x 4¾. pap. („Swart luiperd-reeks,” nr. 7).
- . Die mense van die meer. Johannesburg, Goeie hoop-uitgewers, 1951. 111 bl. 6¾ x 4¾. pap. („Swart luiperd-reeks,” nr. 9).
- . Pyle van vuur. Johannesburg, Goeie hoop-uitgewers, 1951. 97 bl. 6¾ x 4¾. pap. („Swart luiperd-reeks,” nr. 8).
- SITA. In die aandkoelte. Johannesburg, Afrikaanse pers-boekhandel, 1951. 254 bl. 7½ x 4¾. („Moresterbiblioek,” nr. 60).
- STEENKAMP, Chris. Liefde van 'n bandiet. Johannesburg, Van Riebeek-biblioteekskema, 1951. 221 bl. 7½ x 5. 9/6.
- STEGMAN, Danie. Verbode. Pretoria, Keurbiblioek, 1951. 220 bl. 7½ x 4¾. 8/- (aan lede 6/-).
- STRAUSS, Coenraad. Wraak is soet. Johannesburg, Afrikaanse pers-boekhandel, 1951. 80 bl. 7 x 4¾. pap. („Leesgenot-reeks,” nr. 32). 1/6.
- ATHERON, Koos. Verkenners van Vaalkloof. Johannesburg, Afrikaanse pers-boekhandel, 1951. 199 bl. 7½ x 4¾. („Lenteserie,” nr. 57).
- VILJOEN, Barbara. Botsende belangte. Johannesburg, Afrikaanse pers-boekhandel, 1951. 96 bl. 7½ x 4¾. pap. („Leesgenot-reeks,” nr. 60).
- WEISS, Hymne. Die kleinste. Pretoria, Keurbiblioek, 1951. 238 bl. 7½ x 4¾. 8/- (aan lede 6/-).
- . Die wind het gaan lê. Johannesburg, Goeie hoop-uitgewers, 1951. 224 bl. 7½ x 5. 10/6.
- ### KINDERBOEK
- AFRIKAANSE Pers-boekhandel. My album vertel. Johannesburg, Afrikaanse pers-boekhandel, s.j. [1951]. [32] bl. 8½ x 6. slap linne. 3/6.
- ARIANA. Kwakkie. Johannesburg, Afrikaanse pers-boekhandel, 1951. 29 bl. 7 x 4¾. pap. („Sonstraalstorieboekies,” nr. 87).
- BLAKEMORE, Stella. Kobie gaan verder. Pretoria, J. L. van Schaik, 1951. 208 bl. 8½ x 5½. karton. 10/6.

- BUURMAN, C. Die feetjie wat haar vlerkies verloor het. Kaapstad, Maskew Miller, s.j. [1951]. 39 bl. illus.  $7\frac{1}{2} \times 4\frac{1}{2}$ . pap.
- CHAPLIN, Eleanor. Die geheim van die slapende prinses; 'n avontuurverhaal van die Drakensberge. Johannesburg, Afrikaanse pers-boekhandel, 1951. 76 bl. illus.  $8\frac{1}{2} \times 6\frac{1}{2}$ . pap.
- DITTRICH, A. Die rieksja-jong. Johannesburg, Afrikaanse pers-boekhandel, 1951. 31 bl.  $7\frac{1}{2} \times 4\frac{1}{2}$ . pap. („Sonstraalstorieboekies,” nr. 75).
- FAENGER, A. N. Die haaswagter. Johannesburg, Dagbreek-boekhandel, 1951. 32 bl. illus.  $8\frac{1}{2} \times 6\frac{1}{2}$ . pap.
- HOLLOWAY, Tenie, Martha-hulle; illustrasies van Molly Meiring. Pretoria, J. L. van Schaik, 1951. 80 bl. illus.  $7\frac{1}{2} \times 6\frac{1}{2}$ . karton. 6/9.
- JONKER, Ina. Stories vir snipgesiggies en japsnoetjies; illustrasies van Dorothy M. Hill. Pretoria, J. L. van Schaik, 1951. 76 bl. illus.  $9 \times 6\frac{1}{2}$ . karton. 7/-.
- LATSKY, Lulu. Jakkals se bobaas. Johannesburg, Afrikaanse pers-boekhandel, 1951. 35 bl. illus.  $7\frac{1}{2} \times 4\frac{1}{2}$ . pap. („Sonstraalstorieboekies,” nr. 71).
- . Liefde in Volstruisland. Johannesburg, Afrikaanse pers-boekhandel, 1951. 26 bl. illus.  $7\frac{1}{2} \times 4\frac{1}{2}$ . pap. („Sonstraalstorieboekies,” nr. 73).
- . Die tannie dros weg. Johannesburg, Afrikaanse pers-boekhandel, 1951. 27 bl. illus.  $7\frac{1}{2} \times 4\frac{1}{2}$ . pap. („Sonstraalstorieboekies,” nr. 70). 1/3 (1/4).
- LONGDEN, H. W. D. Matambo vertel; oorgesit in Afrikaans deur W. A. Joubert. Kaapstad, Maskew Miller, s.j. [1951]. 56 bl. illus.  $7\frac{1}{2} \times 4\frac{1}{2}$ . pap.
- MORISON, Dorothy L., en KARLSON, Esme D. Popspele. Johannesburg, Afrikaanse pers-boekhandel, 1951. 48 bl. illus.  $8\frac{1}{2} \times 6\frac{1}{2}$ . pap.
- OLWAGEN, J. D. Stemme uit towerland. Kaapstad, Nasionale pers, 1948. 95 bl. illus.  $7\frac{1}{2} \times 5\frac{1}{2}$ . pap. 4/-.
- OOM SEP. Verpleegstertjie, die tortelduifje. Johannesburg, Afrikaanse pers-boekhandel, 1951. 29 bl.  $7\frac{1}{2} \times 4\frac{1}{2}$ . pap. („Sonstraalstorieboekies,” nr. 86).
- POSTMA, Minnie, Kewantjie en Kewyn-tjie. Johannesburg, Afrikaanse pers-boekhandel, 1951. 40 bl. illus.  $7\frac{1}{2} \times 4\frac{1}{2}$ . pap. („Sonstraalstorieboekies,” nr. 82).
- PREEZ, Marie du. Frikkie Vink en sy vroutie. Johannesburg, Dagbreek-boekhandel, 1951. 29 bl. illus.  $8\frac{1}{2} \times 6\frac{1}{2}$ . pap.
- . Die nimpie en ander sprokies. Johannesburg, Dagbreek-boekhandel, 1951. 64 bl. illus.  $8\frac{1}{2} \times 6\frac{1}{2}$ . pap.
- SITA, Japie en Pietbrak gaan op reis. Johannesburg, Afrikaanse pers-boekhandel, 1951. 56 bl.  $7\frac{1}{2} \times 4\frac{1}{2}$ . pap. („Sonstraal-storieboekies,” nr. 86). 1/6 (1/7).
- SMITH, Jürgen. Japie van Slagtersnek. Johannesburg, Afrikaanse pers-boekhandel, 1951. 72 bl.  $7\frac{1}{2} \times 4\frac{1}{2}$ . pap. („Sonstraalstorieboekies,” nr. 81).
- SPUY, Ellen van der. Fransie en ander storietjies. Johannesburg, Afrikaanse pers-boekhandel, 1951. 32 bl.  $7\frac{1}{2} \times 4\frac{1}{2}$ . pap. („Sonstraalstorieboekies,” nr. 68).
- . Die kaboutermannetjie van Stawel-klip en ander stories. Johannesburg, Afrikaanse pers-boekhandel, 1951. 32 bl.  $7 \times 4\frac{1}{2}$ . pap. („Sonstraalstorieboekies,” nr. 79).
- STEVENSON, Robert Louis. Skateiland. Pretoria, J. L. van Schaik, 1951. 235 bl. illus.  $6\frac{1}{2} \times 4\frac{1}{2}$ . („Libri-reeks”). 6/6.

## MUSIEK

- BERG, H. Slaaptid; woorde deur P. H. Langenhoven. Johannesburg, Suidere musiekuitgewers, Jeppestraat 222, 1951. [2] bl.  $10\frac{1}{2} \times 8\frac{1}{2}$ . pap. (SM1023). 2/-.

- CARSTENS, Nico. Warm patat. Johannesburg, Musiekuitgewersmaatskappy van Afrika, 1950. 4 bl.  $10\frac{1}{2} \times 8\frac{1}{2}$ . pap. (P.A.207). 2/-.

- GALLOTONE sangbundel no. 1: 5 populêre Suid-Afrikaanse sangstukkies, ens. Johannesburg, Musiekuitgewersmaatskappy van Afrika, s.j. [1950]. 12 bl.  $11\frac{1}{2} \times 8\frac{1}{2}$ . pap. (P.A.189). 2/-.

- LOGGERENBERG, Hansie van. Bokkie. Johannesburg, Musiekuitgewersmaatskappy van Afrika, 1950. [3] bl.  $11\frac{1}{2} \times 8\frac{1}{2}$ . pap. (P.A.184). 2/-.

- . Dit was 'n lekker aandjie. Johannesburg, Musiekuitgewersmaatskappy van Afrika, s.j. [1951]. [3] bl.  $11 \times 8\frac{1}{2}$ . pap. (P.A.193). 2/-.

- . Jan van Riebeeck. Johannesburg, Musiekuitgewersmaatskappy van Afrika, 1950 [3] bl.  $11 \times 8\frac{1}{2}$ . pap. (P.A.183). 2/-.

- STELLING, Jock. Daar kom die Alabama. Johannesburg, Trutone Afrika, bus 9299, s.j. [1951]. [2] bl.  $11\frac{1}{2} \times 8\frac{1}{2}$ . pap. (M.P.35). 2/-.

- WAAL, Anton de, en LUYT, Freddie. Kleuter-deuntjies. Johannesburg, Trutone Afrika, bus 9299, s.j. [1951]. 15 bl.  $10\frac{1}{2} \times 8\frac{1}{2}$ . pap. (M.P.32). 3/-.

## SKONE KUNSTE

- HONIBALL, T. O. Adoons-hulle van die Magaliesberg: tweede versameling. Kaapstad, Nasionale boekhandel, 1950. 52 bl. illus.  $6\frac{1}{2} \times 10\frac{1}{2}$ . pap. 2/3.

- . Oom Kaspaas, nr. 10. Kaapstad, Nasionale boekhandel, 1951. 54 bl. illus.  $8\frac{1}{2} \times 9\frac{1}{2}$ . pap. 2/9.

## GODSDIENS

COWAN, Chas. E. Langs bergpaaie met die jeug; vertaal deur J. P. J. van der Westhuijsen. Kaapstad, Methodist publishing house, s.j. [1951]. 306 bl. 7½ x 5. 13/6.

GUNNING, dr. J. H., jnr. In die smeltkroes: 'n boekie vir beproefdes; vertaal deur S. L. Stassen. Kaapstad, N.G. kerk-uitgewers, s.j. [1951]. 150 bl. 7½ x 4½. 9/9.

LEUNENDE CHRISTEN. Met God op my pelgrims pad. Stellenbosch, C.S.V. 1951. 118 bl. 7½ x 4½. pap. 4/9.

LOYD, eerv. G. Owen. Christelike karaktertrekke: 'n reeks Sondagskoollesse. Lovedale, Lovedale pers, 1951. 39 bl. 7½ x 4½. pap. 9d.

MALAN, ds. F. S. Lig vir die lewenspad: Bybelse dagboek. Kaapstad, N.G. kerk-uitgewers, s.j. [1951]. 373 bl. 8½ x 5½. 17/9.

MALHERBE, ds. E. G. Koukordansie van die berymde Afrikaanse psalms en gesange. Kaapstad, Unie-Volkspers, s.j. [1951]. x, 478 bl. 8½ x 5½. 26/-.

MÖLLER, dr. F. P. En deur sy wonde: 'n hooftak aan krankes. Johannesburg, Evangelie-uitgewers, bus 1636, s.j. [1951]. 42 bl. 7 x 4½. pap. 2/-.

PENNING, L. Deur storm en stryd: die lewe en tyd van 'n groot hervermer; in Afrikaans vertaal deur S. L. Stassen. Kaapstad, N.G. kerk-uitgewers, s.j. [1951]. 281 bl. 7½ x 4½. 13/9.

TOIT, ds. C. W. M. du. Israel die bondsvolk. Frankfort, C. J. van Rensburg, bus 86, s.j. [1951]. 106 bl. illus. 7½ x 5. pap. 2/6.

VENTER, dr. E. A., en ander. Die algemene brieewe. Kaapstad, N.G. kerk-uitgewers, 1951. 235 bl. 7½ x 4½. 12/-.

## BIOGRAFIE

CONRADIE, Ben. 'n God welgevallige offer: 'n lewenskets van Ellen Jacobs. Stellenbosch, C.S.V., 1951. 127 bl. 7½ x 4½. pap. 4/9.

EDWARD, Hertog van Windsor. 'n Koning vertel: die herinneringe van die Hertog van Windsor; vertaal deur Otto E. Schwellnus. Johannesburg, Dagbreek-boekhandel, 1951. 395 bl. illus. 8½ x 6½. proefskrif. 20/-.

KIESER, dr. A. President Steyn in die krisisjare 1896-1899. Kaapstad, Nationale boekhandel, s.j. [1951]. ix, 213 bl. bibl. 8½ x 6½. proefskrif. 20/-.

WESTHUIZEN, ds. P. J. van der. John Helm, ons eerste mediese sendeling. Stellenbosch, C.S.V., 1951. 32 bl. 7½ x 4½. pap.

WORM, Piet. Die verhaal van Jan van Riebeeck. Kaapstad, Junda pers, 1950. [28] bl. gekl. illus. 8½ x 5½. karton.

## SPORT

KOCK, J. J. de. Regte beslissings deur die skeidsregter. Kaapstad, Nasionale boekhandel, 1951. 86 bl. illus. 7½ x 4½. pap. 3/6.

POTGISTER, C. Tennis: grondbeginsels en persoonlikhede. Johannesburg, Afrikaanse pers-boekhandel, 1951. 174 bl. 8½ x 5½.

## TUINBOU

LOHANN, G. Rose vir my tuin. Johannesburg, Afrikaanse pers-boekhandel, 1951. 141 bl. illus. 9½ x 7½.

## KOOKKUNS

VILLIERS, S. J. A. de. Kook en geniet: Suid-Afrikaanse kook- en resepboek. Pretoria, Die Skryfster, Maraisstraat 431, 1951. 546 bl. illus. 8½ x 5½. karton. 22/- pv.

## SKOOL EN STUDIEBOEKЕ

BARNES, dr. A. S. V., en ROSS, J. J. Die moreson-leesreeks: Afrikaanse leesboekies met gegradeerde woordeskataf, boek I. Bloemfontein, via Afrikaanse boekwinkel, 1951. 94 bl. illus. 8½ x 5½. pap. 2/-.  
— . Std. II. 1951. 93 bl. illus. 8½ x 5½. pap. 2/3.

— . Std. III. 1951. 120 bl. illus. 7½ x 4½. pap. 2/6.

— . Std. IV. 1951. 148 bl. illus. 7½ x 4½. pap. 2/9.

— . Std. V. 1951. 167 bl. illus. 7½ x 4½. pap. 3/-.

— . Std. VI. 1951. 214 bl. illus. 7½ x 4½. pap. 3/3.

BEUKES, J. H. Lesuur-taaltotesse ter voorbereiding vir die senior certifikaat- en matrikulasie-eksamen (Afrikaans hoer). Kaapstad, Maskew Miller, s.j. [1951]. 123 bl. 7½ x 4½. pap.

BLAIR, A., en WOODIWISS, C. A. Nuwe rekenkunde vir junior-sertifikaat. Kaapstad, Maskew Miller, s.j. [1951]. 275 bl. illus. 7½ x 5. karton. 7/6.

DAHMS, H. T. J. Handleiding in steenmesselwerk. Johannesburg, Voortrekkerspers, 1951. 199 bl. illus. 8½ x 5½. karton. 8/6 (9/-).

DYK, J. H. van. Geskiedenis-leerboek vir hoërskole, deel I: std. VI. Johannesburg, Voortrekkerspers, 1951. 145 bl. kaarte. 8½ x 5½. karton. 7/- (7/6).

HAVENGA, B. H. Havenga-gesondheidsreeks, gegradeerde lesse in higiëne, junior boek vir graad I. Johannesburg, Afrikaanse pers-boekhandel, 1951. 62 bl. illus. 7½ x 4½. slap linne.

- KOCK, J. J. de, en ZYL, dr. A. J. van. Senior matesis: rekenkunde, algebra, driehoeksmiting, grafieke, meetkunde. Kaapstad, Maskew Miller, s.j. [1951]. xv, 371 bl. illus.  $7\frac{1}{2} \times 5$ .
- MERWE, C. P. van der. Afrikaans as tweede taal vir standerd II (volgens die leerplanne van die vier provinsies). Kaapstad, Nasionale boekhandel, s.j. [1951]. 60 bl.  $7\frac{1}{2} \times 5\frac{1}{2}$ . 1/6.
- — . Std. III. s.j. [1951]. 76 bl.  $7\frac{1}{2} \times 5\frac{1}{2}$ . pap. 1/9.
- — . Std. IV. s.j. [1951]. 95 bl.  $7\frac{1}{2} \times 5\frac{1}{2}$ . pap. 2/3.
- — . Std. V. s.j. [1951]. 119 bl.  $7\frac{1}{2} \times 5\frac{1}{2}$ . pap. 2/9.
- — . Std. VI of Vorm I. s.j. [1951]. 141 bl.  $7\frac{1}{2} \times 5\frac{1}{2}$ . pap. 3/-.
- NIENABER, dr. P. J., MARAIS, E., en RUITER, E. H. W. de, redaksie. Afrikaanse leesboek: handleiding by die aanvangsboekies. Johannesburg, Afrikaanse pers-boekhandel, 1951. 12 bl.  $8\frac{1}{2} \times 5\frac{1}{2}$ . pap. („Vuurpylreeks”).
- — . Werkboek by die Afrikaanse leesboek — do. — 1951. 26 bl. illus.  $9\frac{1}{2} \times 7\frac{1}{2}$ . slap linne („Vuurpylreeks”).
- — . Eerste boekie: Die skoonhuis — do. — 1951. 45 bl. illus.  $9\frac{1}{2} \times 7$ . slap linne. („Vuurpylreeks”).
- — . Sub-std. A: Ons speel — do. — 1951. 119 bl. illus.  $8\frac{1}{2} \times 5\frac{1}{2}$ . slap linne. („Vuurpylreeks”).
- — . Sub-std. B: Storytyd. — do. — 1951. 140 bl. illus.  $8\frac{1}{2} \times 5\frac{1}{2}$ . slap linne. („Vuurpylreeks”).
- — . Std. I: Gelukkige dae, — do. — 1951. 139 bl. illus.  $8\frac{1}{2} \times 5\frac{1}{2}$ . („Vuurpylreeks”).
- — . Std. II: Kaskenades en pret. — do. — 1951. 191 bl. illus.  $8\frac{1}{2} \times 5\frac{1}{2}$ . („Vuurpylreeks”).
- — . Std. III: Vrolike verhale. — do. — 1951. 236 bl. illus.  $8\frac{1}{2} \times 5\frac{1}{2}$ . („Vuurpylreeks”).
- — . Std. IV: Diere en dinge. — do. — 1951. 273 bl. illus.  $8\frac{1}{2} \times 5\frac{1}{2}$ . („Vuurpylreeks”).
- — . Std. V: Avonture en ondervindinge. — do. — 1951. 234 bl. illus.  $8\frac{1}{2} \times 5\frac{1}{2}$ . („Vuurpylreeks”).
- — . Std. VI: Jeug en ideale. — do. — 1951. 340 bl. illus.  $8\frac{1}{2} \times 5\frac{1}{2}$ . („Vuurpylreeks”).
- OLCKERS, dr. P. J., en KATZKE, J. J. Rekenkunde vir almal, met diagnostiese toetsen en driloeferinge, std. I (Kaaplandse leerplan). Kaapstad, Nasionale boekhandel, 1949. 99 bl. illus.  $8\frac{1}{2} \times 5\frac{1}{2}$ . slap linne. 3/-.
- — . Std. II. 1950. 135 bl. illus.  $7\frac{1}{2} \times 4\frac{1}{2}$ . pp. 3/3.
- — . Std. III. 1950. 141 bl. illus.  $7\frac{1}{2} \times 4\frac{1}{2}$ . pap. 3/6.
- — . Std. IV. 1951. 138 bl. illus.  $7\frac{1}{2} \times 4\frac{1}{2}$ . pap. 4/-.
- — . Std. V. 1950. 168 bl. illus.  $7\frac{1}{2} \times 4\frac{1}{2}$ . pap. 4/3.
- — . Std. VI. 1950. 163 bl. illus.  $7\frac{1}{2} \times 4\frac{1}{2}$ . pap. 4/6.
- — . Antwoorde, Std. II. 1951. 25 bl.  $7 \times 4\frac{1}{2}$ . pap. 3/-.
- — . Std. III. 1951. 38 bl.  $7 \times 4\frac{1}{2}$ . pap. 3/-.
- — . Std. IV. 1951. 40 bl.  $7 \times 4\frac{1}{2}$ . pap. 3/-.
- — . Std. V. 1951. 46 bl.  $7 \times 4\frac{1}{2}$ . pap. 3/-.
- — . Std. VI. 1951. 39 bl.  $7 \times 4\frac{1}{2}$ . pap. 3/-.
- RUITER, Elizabeth H. W. de, *samesteller*. Skone klanke: gediggies vir graad 1 en 2, geïllustreer deur C. P. Jordaan. Johannesburg, Afrikaanse pers-boekhandel, 1951. 64 bl. illus.  $7\frac{1}{2} \times 4\frac{1}{2}$ . slap linne.
- — . Stds. 1 en 2; geïllustreer deur C. P. Jordaan. Johannesburg, Afrikaanse pers-boekhandel, 1951. 112 bl. illus.  $7\frac{1}{2} \times 4\frac{1}{2}$ . slap linne.
- — . Std. III en IV. 1951. 102 bl. illus.  $7\frac{1}{2} \times 4\frac{1}{2}$ . slap linne.
- VERSTER, H. A., en ROOYEN, G. P. van. Praktiese rekenkunde: Handleiding vir praktiese rekenkunde. Johannesburg, Afrikaanse pers-boekhandel, 1951. 95 bl. illus.  $8\frac{1}{2} \times 5\frac{1}{2}$ . pap.
- — . Eerste boekie, deel I. 1951. [32] bl. illus.  $9\frac{1}{2} \times 6$ . pap.
- — . Deel II [32]. bl.  $9\frac{1}{2} \times 6$ . pap.
- — . Tweede boekie. 1951. 51 bl. illus.  $9\frac{1}{2} \times 6$ . pap.



